

Thomas@aksie.net

'n gids

saamgestel deur
GM Jansen van Rensburg

Inhoud

1. Hoe om die gids te gebruik	3
2. Ontmoet die skrywer	4
3. Titel, omslag en flapteks	5
4. Opsommings en vrae oor elke hoofstuk	6
5. Ruimte en tyd	21
6. Vertelperspektief	22
7. Intrige	22
8. Karakterisering	23
9. Temas, motiewe en simbole	24
10. Taalgebruik	25
11. Opsomming van boek	26
12. Praat- en skryfaktiwiteite	28
13. Speletjie	33
14. Voorgestelde antwoorde	35

1. Hoe om die gids te gebruik

Die doel van die gids is om 'n praktiese hulpmiddel te wees met die lees en behandel van *Thomas@aksie.net*. Die leeruitkomstes en assesseringstandaarde word gedek en geoefen sonder om die leerders toe te gooi onder vroe.

In dié gids is daar aktiwiteite wat in drie fases verdeel kan word: inleidende aktiwiteite, aktiwiteite tydens die lees en aktiwiteite nadat die boek klaar gelees is. Die teorie, vroe en aktiwiteite is in die gids in die volgorde gerangskik soos wat dit gebruik behoort te word:

Inleidende aktiwiteite

Ontmoet die skrywer: Hierdie bladsy kan vergroot word en in die klas opgeplak word. Die opvoeder kan die inhoud vir die klas voorlees en 'n bespreking hou oor moontlike voorkennis wat die leerders reeds oor die skrywer het.

Titel, omslag en flapteks: Voordat die boek in die klas gelees word, kan hierdie gedeelte eers as inleiding gedoen word. Daar is teorie wat vir die leerders afgedruk kan word of die opvoeder kan dit voorlees. Daar is vroe oor die titel, omslag en flapteks wat skriftelik of mondelings gedoen kan word.

Tydens die lees

Vroe en opsommings oor elke hoofstuk: Die hoofstukke kan drie op 'n slag gelees word en dan kan die vroe oor daardie drie hoofstukke daarna beantwoord word. Die vroe word skriftelik beantwoord, maar die opvoeder kan self besluit of die leerders dit as huiswerk, in groepe van twee of in die klas beantwoord. Wissel die manier van beantwoording af. Die voorgestelde antwoorde oor al die vroe is agter in die gids. Die vroe waar leerders hulle eie opinie moet gee oor 'n saak, kan gebruik word vir kort klasbesprekings.

Nadat die boek klaar gelees is

Nadat die boek klaar gelees is, is daar verdere teorie en vroe oor die volgende aspekte wat gedoen kan word: ruimte en tyd, vertelperspektief, intrige, karakterisering, temas, motiewe, simbole en taalgebruik. Hierdie gedeelte vereis 'n algehele perspektief op die boek en is effens moeiliker. Dit is goeie voorbereiding vir die VOO-fase. Daar is teoretiese besprekings en vroe wat mondelings of skriftelik gedoen kan word. Aan die einde van die gids is 'n afdeling met praat- en skryfaktiwiteite. Die opvoeder kan self besluit watter van die ses take as deel van die assesseringsprogram gedoen gaan word.

2. Ontmoet die skrywer



Carina Diedericks-Hugo is op 11 Maart 1977 in Johannesburg gebore. Sy is die jongste van drie kinders en het twee ouer broers. Later het hulle Pretoria toe getrek, waar hulle vier jaar gebly het. “Dit was die wonderlikste jare ooit en ek hou steeds vol dat Pretoria ’n great plek is om in groot te word. Ek onthou Pretoria veral as die plek waar ek regtig ernstig begin lees het.

“My gunstelingboeke was die Swart Kat-reeks van Chris Sassner. (Ander gunsteling was die Maasdorpreeks en Nancy Drew.) Ek het ’n Swart Kat-uniform gehad en het met my BMX deur die strate gery en avontuur gesoek (wat ek natuurlik nie gekry het nie) en het toe maar bly lees en begin perdry.”

Aan die begin van graad ses trek die gesin Kaapstad toe. Aanvanklik was sy nie baie gelukkig nie. “Ek was in die Laerskool Groote Schuur waar almal gedink het ek is vreemd omdat ek praat van ‘my mô en my pô’. Ek was wel baie bly dat ons so naby aan die see was en ek baie meer perd kon ry as in Pretoria.”

Carina se hoërskoolloopbaan bring sy deur by Herschel School (’n private meisieskool in Claremont). Sy was mal oor waterpolo en is in graad elf gekies as uitruilstudent na Amerika waar sy skoolgegaan het by Brooks School naby Boston. Sy en die meisie wat saam met haar was, het daarna vir ses weke deur Amerika gebackpack en uiteindelik ’n lang ruk in New York gebly.

“Ná skool is ek na die Universiteit van Stellenbosch waar vier dinge gebeur het: ek het fantastiese vriende gemaak, ek het uitgevind ek wil skryf, ek het die wondere van witwyn ontdek en ek het ’n BA (Internasionale Studies), Afrikaans en Nederlands Honneurs cum laude en MPhil (Joernalistiek) gekry.”

Ander boeke in dié reeks sluit in: *Thomas@moord.net*, *Thomas@skerpioen.net*, *Thomas@aqua.net*, *Thomas@nagmerrie.net*, *Thomas@sms.net*, *Thomas@geraamte.net* en *Thomas@rock-ster.net*. Ander boeke van die skrywer is: *Operasie Miaau*, *Koning Henry*, *Die verdrinking van Josua van Eden*, *Oogkontak* en *Permanente ink*.

Carina Diedericks-Hugo het ook al verskeie ATKV-Kinderboekpryse gewen.

3. Titel, omslag en flapteks

Titel

Die titel van 'n boek is baie belangrik. Buiten vir die omslag, is die titel die eerste ding wat 'n leser raaksien; dus moet dit hom aantrek. As die titel vaal en verbeeldingloos is, gaan die leser nie sommer die boek wil lees nie.

Die titel is ook die eerste aanduiding waarom 'n boek gaan. Dit gee die eerste vae idee van die inhoud van die boek. In *Thomas@aksie.net* weet die leser reeds, nadat hy die titel gelees het, dat die wêreld van die filmbedryf ter sprake gaan wees en dat Thomas op een of ander manier by 'n TV- of rolprentverfilming betrokke gaan wees. Die gebeure by die ateljee en wat alles daaruit voortvloei, is die grootste saambindende faktor tussen Thomas en sy maats.

Partykeer is die titel egter aspris misleidend, maar dit vorm weer deel van 'n spel wat die outeur met die leser speel. 'n Misleidende titel toets juis die leser se reaksie op die titel en die inhoud van die boek. Wanneer 'n titel misleidend is, bou dit ook spanning by die leser oor die inhoud van die boek op.

Die titel dui ook die genre van die boek aan; die leser weet dadelik dat hierdie nog 'n boek in die Thomas-reeks is. Hierdie voorafkennis oor die boeke veroorsaak dat die leser 'n paar verwagtinge het waaraan die boek moet voldoen, soos byvoorbeeld dat Thomas die protagonis moet wees en dat hy en sy vriende bepaalde avonture moet beleef.

Tegnologie speel weer 'n rol in dié boek, maar is beperk tot gewone selfone, die rekenaar en rekenarspeletjies.

Omslag

Net soos die titel, trek die omslag die leser na 'n boek aan. As die omslag interessant en kleurvol is, sal dit die leser se aandag trek en sy nuuskierigheid oor die inhoud van die boek prikkel.

Die omslag van 'n boek word gewoonlik nie deur die outeur gekies nie, maar deur die uitgewer wat die boek bemark. Die titel van die boek, die outeur se naam en 'n gepaste prent of foto verskyn gewoonlik op die omslag van 'n boek.

Op die omslag van *Thomas@aksie.net* is 'n foto van Thomas. Op die donker agtergrond is 'n toneelbord met die naam van die produksie, regisseur en die toneel daarop. Daar is ook 'n gebreekte venster of glasdeur sigbaar. Dit is duidelik dat iets daardeur gegooi is.

Flapteks

Die flapteks van 'n boek is 'n kort opsomming van die inhoud van die boek. Die flapteks moet so geskryf word dat dit die leser nuuskierig maak oor die storie, sodat hy die boek sal wil lees. Die flapteks skakel met die omslag van 'n boek. In *Thomas@aksie.net* weet die leser, nadat hy die flapteks gelees het, dat Thomas 'n rol in 'n gewilde TV-reeks gaan vertolk teenoor die beeldskone Fleur Vermaak. Dit is ook duidelik uit inligting op die flapteks dat daar iemand is wat Thomas nie op die stel van *Die Malans van Marthaheim* wil hê nie; iemand wat 'n baksteen met 'n waarskuwende boodskap deur Thomas-hulle se skuifdeur gooi. Die leser se nuuskierigheid word verder geprikkel deur die wete dat die ateljee 'n grillerige plek is waar iemand in 'n swart jas in die donker rondsluip. Die leser weet instinkmatig dat daar ook aksie van 'n ander aard by die ateljee gaan plaasvind.

Asof dit nie genoeg is nie, moet Thomas sy plek in die rugbyspan verseker en sy verhouding met Alex aan die gang hou. Die leser berei homself dus voor om heelwat spanning en konflik saam met Thomas te beleef.

Vrae oor die titel, omslag en flapteks

1. Waarop dui die “aksie” in die titel?
2. Die flapteks verduidelik die stukkende skuifdeur op die omslag. Wat het gebeur?
3. Sonder om die verhaal te lees, dink julle die titel en die omslag pas bymekaar?
4. Dink julle die flapteks gee te veel van die boek weg? Verduidelik.

4. Opsommings en vrae oor elke hoofstuk

Hoofstuk 1 (bl. 5 – 10)

Thomas sit met die draaiboek van *Die Malans van Marthaheim* en berei homself voor vir sy rol as Sebastiaan in die reeks. Sy vriende Hannes en Lukas kom doodmoeg daar aan nadat hulle gehardloop het om fiks te word vir die komende rugbyproewe. Hannes beny vir Thomas wat so gelukkig is om teenoor die beeldskone en beroemde TV-ster Fleur Vermaak te speel.

Thabo, wat langs Thomas woon, bars by die deur in, gevolg deur sy suster se lastige hondjie. Almal gaan kombuis toe om te eet; Hannes is soos gewoonlik doodhonger. Thomas se selfoon lui, maar hy druk dit dood omdat hy nie die nommer herken nie.

Fleur daag ook op, sodat sy en Thomas aan hulle rolle kan werk. Hannes en Thabo is baie beïndruk met die pragtige blondkop in haar Nike-oefenklere. Die vriende skerts oor Thomas wat sommer in die sitkamer kan fiks word. Thabo glo dat Thomas die oefening nodig sal hê om kers vas te hou by Billy Fourie wat in die nuwe kwartaal Hoërskool Leeukop toe kom. Die seuns ken vir Billy want hy is 'n uithaler-losskakel, die posisie wat Thomas tans in die o.16-rugbyspan beklee.

- 1.1 Noem twee bedreigings wat die rugbyproewe vir Thomas inhou.
- 1.2 “Al die great goed gebeur altyd met jou en dan kla jy nog.”
 - 1.2.1 Wie praat hier?
 - 1.2.2 Noem een van die goeie dinge wat met Thomas gebeur het.
 - 1.2.3 Waaroor kla Thomas?
- 1.3 Hoe weet jy dat Thabo sjarmant is?
- 1.4 Dink jy Fleur sal klere van 'n kettingwinkel, soos Mr Price, dra? Motiveer.
- 1.5 Is handelsmerke belangrik vir jou? Gee 'n rede.
- 1.6 Watter bewyse is daar dat Fleur gemaklik is met seuns?
- 1.7 Hoekom verlaat Billy Fourie 'n spogskool, soos Cape Boys College?

Hoofstuk 2 (bl. 11 – 17)

Thomas en Fleur oefen hulle rolle en Thomas vind dit nog vreemd om dinge te sê wat hy nie normaalweg sou nie. Fleur herinner hom daaraan dat dit presies is waaroor toneelspeel gaan; ook dat hulle gemaklik met mekaar moet wees as hulle by die Gruwelgrot (studio) aankom. Thomas moet onthou hy is die misterieuse Sebastiaan Beyers in die reeks. Hy gaan vir Mart (Fleur) en haar broer Josef (Seth Verwey) uit die kloue van hulle versteurde tant Martha red. Thomas moet ook onthou hy gaan Fleur se beeld na buite beïnvloed.

Hannes, Lukas en Alex wag al lank vir Thomas-hulle om klaar te oefen. Hulle bondel by die deur in. Thomas kyk na Alex, sy meisie, en vergelyk haar met Fleur. Baie meisies kan soos Fleur lyk, maar nie soos Alex nie. Alex is uniek. Die groep besluit om Chinese wegneemetes te kry, maar Fleur wil nie saam eet nie.

Skielik is daar die geluid van brekende glas. Terselfdertyd spring Thabo, wat toe net daar aankom, vir Thomas uit die pad van 'n baksteen wat deur die glasskuifdeur gegooi word. Fleur huil histories en glo dat sy die teiken was. Thomas se pa haal 'n stuk papier wat met 'n rekkie om die baksteen gedraai is af. In groot swart letters staan daar getik: BLY WEG VAN MALANS VAN MARTHAHEIM. JY'T NIKS DAAR VERLOOR NIE.

- 2.1 Fleur verwag dat Thomas reeds iets moet weet van toneelspeel. Waarom?
- 2.2 Hoekom is dit vir Fleur belangrik dat Thomas sy rol goed moet vertolk?
- 2.3 Waarom vra Hannes eers of dit veilig is voordat hulle by die sitkamerdeur ingaan?
- 2.4 Hannes is altyd honger. Watter rede voer Thomas daarvoor aan?
- 2.5 Hoe verskil Fleur se eetgewoontes van Thomas-hulle s'n?
- 2.6 "Ek dink Thabo het nou net jou lewe gered." Hoe het Thabo Thomas se lewe gered?
- 2.7 Thomas is wel beseer. Waardeur?
- 2.8 Waarom gebruik Thomas se pa 'n sakdoek om die papier los te wikkelf?
- 2.9 Hoe weet jy dat die baksteen met die boodskap eintlik vir Thomas bedoel is?

Hoofstuk 3 (bl. 18 – 24)

Ná die baksteen-episode is Thomas nie meer so lus om in die dramareeks te wees nie. Alex stel hom gerus en sê sy pa het alles goed deurgekyk; dit was moontlik net iemand wat jaloers is.

Op die eerste skooldag van die nuwe kwartaal word Thomas en Hannes deur die hoof, meneer Volschenk, uitgetrap omdat hulle in die gang staan en argumenteer. Die hoof wys duidelik dat hy nie van hulle hou nie en noem hulle jeugmisdadigers. Meneer Volschenk stel hulle voor aan die nuweling, Billy Fourie, en sê hy hoop Billy se goeie voorbeeld sal hulle positief beïnvloed. In die klaskamer word Billy voorgestel en met bewondering aangekyk – hy is die ou wat in graad agt al na die o.18-Cravenweekproewe genooi is.

Die klasonderwyseres wens Thomas sterkte toe met sy TV-werk en sê almal is trots op hom. Thomas wonder hoe hy die dramareeks, rugby en skoolwerk alles gaan inpas. Hy besluit om elke dag se rugby-oefening by te woon, want die verfilming vind saans plaas. Hannes is bekommerd dat Thomas dalk sy plek in die rugbyspan kan verloor, maar Thomas is vasberade dat Billy Fourie nie sy plek sal inpalm nie.

- 3.1 Hannes redeneer dat die waarskuwing op die baksteen vir Fleur bedoel was. Hoe weerlê Alex Hannes se redenasie?
- 3.2 Alex sê Hannes praat asof hy Engels saam met Afrikaans in 'n versapper gesit het. Is dit 'n geslaagde beeld? Motiveer.
- 3.3 Haal 'n gedeelte van 'n sin aan op bl. 19 wat daarop dui dat Thomas-hulle nie lus is vir skool nie.
- 3.4 Dink jy Thomas-hulle is trots op hulle skoolhoof se voorkoms? Gee redes.
- 3.5 Thomas en Hannes word "jeugmisdadigers" genoem. Is dit 'n mening of 'n feit?
- 3.6 Hoe verskil die manier waarop die hoof Thomas-hulle aanspreek van dié waarop hy Billy aanspreek?
- 3.7 Hoekom kyk die seuns met bewondering na Billy?
- 3.8 Juffrou Malherbe wil hê die klas moet in Thomas se TV-ervaring deel. Wat beplan sy alles?
- 3.9 Hoekom sou 'n mens kon sê dat Thomas te veel hooi op sy vurk het?
- 3.10 Hoe verskil juffrou Malherbe se houding teenoor Thomas van meneer Volschenk s'n?

Hoofstuk 4 (bl. 25 – 29)

Ná skool hardloop Thomas so vining as hy kan rugbyveld toe. Hy speel goed, maar word tydens rustyd deur 'n woedende Fleur begroet. Sy is vies omdat sy dink hy vermors sy energie en sal nie fisies en emosioneel reg wees vir die eerste aand se verfilming nie.

Saam met Fleur is 'n frisgeboude donkerkop-ou met langerige hare. Dit is haar medespeler, Seth Verwey. Seth verwys neerhalend na Thomas as 'n amateur en noem hom "Tommie". Seth sê hy is bly Thomas is 'n fisiese outjie, want die aksietonele kan nogal realisties wees. Hy vra om Thomas se refleksie te toets en sonder waarskuwing slaan hy hom bloedneus. Seth stap weg en vra Thomas om in die vervolg meer bewus te wees van wat om hom aangaan.

Fleur en Lukas snel Thomas dadelik te hulp met ys en water. Vir die afrigter, meneer Du Toit, sê Thomas net dat dit 'n misverstand was en hy word huis toe gestuur.

- 4.1 Louisa was voorheen 'n bekende verhoogaktrise. Hoe baat Thomas daarby?
- 4.2 Waarom is Fleur so kwaad toe sy Thomas op die rugbyveld sien?
- 4.3 Watter soort oefening verkies Fleur?
- 4.4 Wat verklap Seth se kleredrag van hom?
- 4.5 Dit lyk asof Seth van die aksietonele hou. Watter bewyse kry ons daarvoor?
- 4.6 Thomas besef "Seth is moeilikheid." Is Thomas se gevoel reg? Motiveer.
- 4.7 Waarom, dink jy, het Seth eintlik vir Thomas geslaan?
- 4.8 Hoe sou jy optree as iemand jou so uit die bloute bloedneus slaan?

Hoofstuk 5 (bl. 30 – 40)

Louisa neem Thomas na die ateljee, wat ook die Gruwelgrot deur die akteurs genoem word. Louisa bemoedig Thomas deur vir hom te sê dat hy daar is omdat hy talent het en dat dit 'n goeie ondervinding vir hom sal wees.

Die ateljees lyk donker en spookagtig. Die produksie-assistent, Verushka, verduidelik kort daarna vir Thomas waarom almal die plek Gruwelgrot noem. Dit was meer as honderd jaar gelede 'n bakkerij en daar het mense vermis geraak en ook gesterf. Sy beweer die

oonde, wat nog steeds in die gebou is, het met oop bekke hulle prooi ingewag. Sy sê dit is interessant om te sien hoe die oonde lyk en verduidelik vir Thomas hoe om daar te kom.

Thomas ontmoet ook die regisseur, Botha le Roux, 'n redelike jong en vriendelike man. Terwyl hy met Botha praat, bel die onbekende persoon hom weer en hy skakel gou sy foon af. Thomas voel verleë oor die toestand van sy gesig, maar Botha sê dit is eintlik 'n bonus vir hulle. Daar is twee tonele waarin hy 'n onderonsie met Josef (Seth) het. Hulle kan daarmee begin en dan spaar hulle die grimeerkunstenaar tyd.

Op pad na die regisseur het Thomas ook vir Fleur gesien, druk in gesprek met Seth. Hy het vir haar twee pille gegee wat sy met mineraalwater afgesluk het. Toe Verushka hom na die kostuumkamer neem, sien Thomas weer vir Fleur waar sy raas en blaas oor haar klere wat heeltemal te groot is vir haar.

Thomas maak ook kennis met die beroemde akteur Thinus van der Merwe wat die rol van Mart en Josef se pa in die sepie vertolk. Thinus gee net een kyk na Thomas se gesig en merk op dat dit net Seth se werk kan wees. Hy waarsku Thomas ook teen Seth, wat volgens hom 'n moeilikheidmaker is en nie van kompetisie hou nie. In die aantrekkamer wat aan hom toegewys is, bekijk Thomas homself in die spieël en haal daarna sy draaiboek uit sy sak om vir oulaas seker te maak van sy woorde en bewegings. Seth kom stomend die kamer binne en lig Thomas in dat dit sy aantrekkamer is en dat hy dit met niemand deel nie, veral nie amateurs nie. Hy stamp vir Thomas dat hy struikelend by die deur uitval, in die ontspanningskamer in. Die akteurs wat daar sit en gesels word stil en hoor hoe Thomas vir Seth waarsku.

- 5.1 Hoe stel Louisa vir Thomas gerus toe sy sien dat hy senuweeagtig is?
- 5.2 Louisa prys Thomas en druk hom styf vas. Sy oë skiet vol tranes en hy maak homself wys dat dit sy "simpel opgesmashde neus" is wat sy oë so laat traan. Stem jy saam?
Verduidelik.
- 5.3 Watse pille, dink jy, gee Seth vir Fleur? Neem in ag dat sy mineraalwater drink en dat haar klere binne 'n week 'n nommer kleiner geword het.
- 5.4 "Ek sal vir niemand sê dit was hy (Seth) wat vir my 'n gratis face-lift gegee het nie. Waar ek vandaan kom, hardloop ons nie rond met stories nie." Hoe bewys Thomas dat hy nie 'n nuusdraer is nie, teenoor meneer Du Toit en teenoor die regisseur?
- 5.5 Hoe bewys Thinus van der Merwe dat hy Seth goed ken? Noem drie dinge.
- 5.6 Watter voordeel hou Thomas se vernielde gesig vir
 - 5.6.1 die grimeerkunstenaar en
 - 5.6.2 vir homself in?
- 5.7 Watter ooreenkoms is daar tussen die storielyn en die weklikeid?
- 5.8 Hoekom word die ateljee die Gruwelgrot genoem?
- 5.9 Pas die inligting in kolom B by die name in kolom A. Skryf telkens net die nommer en letter neer.

Kolom A	Kolom B
5.9.1 Botha le Roux	A Vervaardiger
5.9.2 Lelanie	B Kameraman
5.9.3 Fleur Vermaak	C Produksie-assistent
5.9.4 Thinus van der Merwe	D Josef Malan
5.9.5 Gregory Gray	E Grimeerkunstenaar
5.9.6 Seth Verwey	F Regisseur
5.9.7 Verushka	G Mart Malan
5.9.8 Shaun	H Frederick Malan

5.10 Dink jy Seth sal sommer weer aan Thomas ruk en pluk? Motiveer.

5.11 Hoe sou jy 'n gruwelgrot beskryf?

Hoofstuk 6 (bl. 41 – 47)

Sesuur die volgende oggend gaan draf Thomas om die sportveld. Tot sy verbasing is Billy Fourie ook daar en hy val langs Thomas in. So in die hardloop vertel Billy dat hy Thomas die vorige jaar op Stellenbosch in die toernooi sien speel het. Billy was beïndruk met Thomas se skepskoppe. Thomas sê hy het weer Billy se skoppe van die kantlyn af pale toe bewonder. Daarna oefen hulle nog vir 'n uur lank doel- en skepskoppe en help mekaar.

Thomas kry 'n SMS van Fleur waarin sy vra dat hy haar by die Kauai-kitskoswinkel moet kry; sy het dringend hulp nodig. Billy gaan saam. By 'n tafel lê Fleur op haar arms en snik. Huilend vertel Fleur hoe sy en Seth eers joga gedoen het en dat Seth daarna 'n smoothie by Kauai wou gaan drink. Daar het hy een van sy vriende raakgeloop; 'n ou in 'n lelike swart pak, met 'n letsel oor sy hele gesig. Seth en sy vriend het stry gekry, skynbaar oor Thomas. Daarna was Seth gemeen en het op Fleur geskree en haar gedreig. 'n Ander vriend van Seth het hom met 'n mes gedreig. Fleur het Seth toe gewaarsku teen "losers wat messe rondswaai". Seth het op sy beurt toe weer vir Fleur gewaarsku dat sy sou seerkry as sy iets oor die voorval durf sê. Seth was egter vreesbevange en het in sy kar geklim en weggery. Nou is Fleur bekommerd oor Seth wat by al sy probleme ook nog die verkeerde vriende het. Die enigste raad wat Thomas het, is om vir Fleur 'n smoothie aan te bied. Sy wys dit egter van die hand, omdat dit 'n mens vet maak.

- 6.1 Hoe lank is dit nog voordat die rugbyproewe plaasvind?
- 6.2 Billy Fourie maak 'n goeie indruk. Gee bewyse daarvoor.
- 6.3 Waar en wanneer het Thomas en Billy mekaar sien rugby speel?
- 6.4 Waarmee het Thomas en Billy mekaar die vorige jaar beïndruk?
- 6.5 Hoekom, dink jy, vra Fleur juis vir Thomas om haar te kom help?
- 6.6 Wat laat Fleur dink dat Seth die verkeerde vriende het?
- 6.7 Wat was Seth se reaksie op sy vriende se dreigemente? Noem drie dinge.
- 6.8 Fleur het Thomas laat kom omdat sy hulp nodig gehad het. Het Thomas insig in Fleur se probleme?
- 6.9 Hoe sou jy 'n vriend/vriendin in so 'n situasie help?
- 6.10 Hoe verskil Fleur se skooldag van Thomas-hulle s'n?

Hoofstuk 7 (bl. 48 – 53)

Thomas is weer by die ateljee, maar die verfilming vlot nie omdat Fleur 'n swak vertoning lewer. Die regisseur kondig 'n kort pouse aan sodat Fleur 'n energiedrankie kan bekom. Thomas gaan na die aantrekkamer waar hy Seth aantref, besig om 'n wit poeier te snuif. Thomas glip ontsteld uit sonder dat Seth hom sien.

Terug op die stel is Fleur nog nie daar nie en Thomas gaan soek haar. Hy kry haar saam met Seth in die kostuumkamer. Seth probeer Fleur oorreed om pille te drink wat haar beter sal laat voel en sommer gewig ook sal laat verloor. Thomas tree tussenbeide en vra Fleur om nie goed te drink wat Seth haar aanbied nie. Hy trek haar aan die arm weg. Seth vererg hom, maar Thomas laat blyk dat hy van Seth se "wit poeiertjies" weet. Daarop antwoord Seth dat hy weer weet van die oulike vrouens in Thomas se lewe, naamlik Alex, Louisa en sy babasussie, Lara. Thomas kan homself nie keer nie en hy slaan Seth bloedneus.

Thomas wil aan die regisseur verduidelik wat hom daartoe gedryf het om Seth te lyf te gaan, maar Botha wil niks hoor nie. Hy stuur Thomas huis toe.

- 7.1 Fleur lyk moeg en leweloos en sy lewer nie goeie spel nie. Wat dink jy is verkeerd met haar? Gebruik al die inligting tot jou beskikking.
- 7.2 Hoe weet jy dat Fleur gou op haar perdjie is?
- 7.3 Watter ontstellende ding vind Thomas uit oor Seth?
- 7.4 Hoe word Seth se gedrag deur die dwelmgebruik geraak?
- 7.5 Thomas kan nie verstaan waarom Seth dwelms wil gebruik nie. Waarom nie? Noem vyf dinge.
- 7.6 Waarom waarsku Thomas vir Fleur teen Seth se pille?
- 7.7 Watter soort pille is dit volgens Seth?
- 7.8 Wat insinueer Seth as hy na die "oulike vrouens" in Thomas se lewe verwys?
- 7.9 Hoe sou jy optree as iemand dreig om jou geliefdes, veral die vrouens, seer te maak?
- 7.10 Waarom sou Thomas nou iets eenvoudigs by die huis wou gaan doen?

Hoofstuk 8 (bl. 54 – 59)

Thomas vertel vir sy vriende van sy onderonsie met Seth, maar verswyg die rede waarom hy Seth geslaan het. Hannes sê dat Thomas nou van vreemde TV-mense kan vergeet, want hy het 'n wiskunde-toets om aan te dink. Thomas besef dat hy skoon van die toets vergeet het met al die drama van die vorige aand. Hannes raai hom aan om in die Afrikaansklas te leer en bied aan om hom te help.

Thomas en Hannes is laat vir Afrikaans en vat 'n kortpad verby die tennisbane. Toe hulle verby die laaste tennisbaan glip, staan daar drie groot ouens in swart pakke voor hulle. Een ou het 'n litteken oor sy wang en die ander twee se neuse wys duidelik dat dit al 'n paar keer gebreek is. Hulle wil weet waar Thomas Steyn is. Toe Thomas sê dat dit hy is, gryp een ou hom voor die bors en lig hom op. Hy sê Thomas skuld hulle tienduisend rand. Thomas is verontwaardig en sê dis 'n leuen. Die littekenman staan nader en sê Seth het hulle op Thomas se spoor gesit. Seth beweer hy het die geld vir Thomas gegee en hulle wil dit binne agt en veertig uur hê.

Op daardie oomblik daag meneer Volschenk daar op en wil weet wat aangaan. Op die hoof se vraag wat hulle daar soek, antwoord die littekenman dat hulle net kom groet het en

op pad is. Hulle stap weg. Die hoof is briesend, al probeer Thomas hom oortuig dat hulle die mans glad nie ken nie. Die hoof is oortuig daarvan dat die mans akteurs is wat saam met Thomas in die TV-reeks is. Hy beskuldig Thomas weer daarvan dat hy eienskappe van 'n jeugmisdadiger toon. Hy verwys ook na Thomas se kunswerk teen die swembadmuur. Thomas is verbaas en verduidelik dat hy nie weet waarvan die hoof praat nie. Thomas en Hannes word vergesel na die swembad waar daar in groot rooi letters teen die wit muur geskryf staan: THOMAS STEYN RULES. Die hoof verseker Thomas dat sy pa hom nie dié keer gaan loskry nie; hy sal hof toe moet gaan. Hy dreig Thomas ook met 'n verbeteringskool.

- 8.1 Hoekom sou dit vir die mense by die ateljee lyk asof Thomas vir Seth sommer net uit die bloute aangerand het?
- 8.2 Hoekom sê Thomas nie vir sy maats waarom hy Seth geslaan het nie?
- 8.3 Dink jy Hannes sal Thomas wel met die wiskunde kan help? Gee 'n rede.
- 8.4 Watter karaktereenskap openbaar Hannes as hy Thomas so bystaan?
- 8.5 Watter ander karakter het al met die swartgeklede mans kennis gemaak?
- 8.6 Watter leuen het Seth vir die drie mans vertel?
- 8.7 Waarom, dink jy, skuld Seth die tienduisend rand?
- 8.8 Hoekom is dit ironies dat Thomas en Hannes hulle in die hoof vasloop?
- 8.9 Waarom voel Thomas so moedeloos as hy die situasie aan die hoof probeer verduidelik?
- 8.10 Watter misdade het Thomas volgens meneer Volschenk gepleeg?
- 8.11 Hoekom is Thomas se pa in staat om hom uit die moeilikheid te kry?
- 8.12 Watter dreigemente maak meneer Volschenk?

Hoofstuk 9 (bl. 60 – 66)

Thomas is dankbaar dat sy pa meneer Volschenk gaan spreek het en vir hom in die bres getree het. Sy pa maak dit duidelik dat hy vertrou in sy seun het, maar vra ook dat Thomas niks vir hom sal wegsteek nie. Daarop vertel Thomas alles van Seth en die drie mans wat nou geld by hom soek. Thomas se pa gee raad: Thomas moet sy kant skoonhou en alle kontak vermy. Sy pa glo egter ook dat al hierdie dinge 'n goeie leerskool vir Thomas is, want daar sal altyd iemand wees wat die lewe vir 'n mens moeilik maak.

Tuis luister Thomas na “woedende musiek”. Hannes daag daar op met die jongste *Huisgenoot* en beveel Thomas om te lees. Thomas is uit die veld geslaan toe hy homself op die voorblad sien en binne-in die hoofartikel oor hom en Seth, glo sy beste vriend, wat baklei oor Fleur se liefde. Daar word beweer dat Fleur uitgeteer en hartseer is oor Thomas en die jaloesie tussen hom en Seth.

Hannes, wat homself tot nou toe as Thomas se beste vriend beskou het, is woedend en dink Thomas het sommer allerlei stories oor Seth opgemaak. Dis duidelik dat Hannes alles glo wat in die tydskrif staan. Thomas verdedig homself en sê dat alles onwaar is. Hannes is natuurlik sy beste vriend en hy beskou Fleur as net nog 'n dom blondine. Thomas beseef hy sal Alex moet bel en probeer verduidelik.

Thomas wonder waar die joernalis die inligting gekry het en sien dan in die artikel dat dit glo van 'n bron in die binnekring op die stel van *Die Malans van Marthaheim* kom. Terwyl hy sit en wonder, kry hy 'n SMS met geen nommer daarby nie, waarin daar spottend na hom as 'n superster verwys word. Die naamlose sender waarsku Thomas ook om sy neus uit ander se sake te hou, want hy het nog baie kontakte in swart en ook baie kontakte by die media. Hy raai Thomas aan om liever maar af te sien van *Die Malans van Marthaheim*.

- 9.1 Op watter voorwaarde sal Thomas se pa hom help?
- 9.2 Thomas verswyg weer inligting. Wat en waarom?
- 9.3 Na wie toe sal jy gaan as jy probleme het? Motiveer.
- 9.4 “Om een of ander rede volg die moeilikheid jou om elke hoek en draai.” Stem jy saam met Thomas se pa? Gee redes.
- 9.5 Watter raad gee Thomas se pa aan hom?
- 9.6 Watter voordeel is daar, volgens Thomas se pa, in die situasie?
- 9.7 “Donkerkopheld baklei met beste vriend oor blonde medester.”
- 9.7.1 Na wie verwys “donkerkopheld”, “beste vriend” en “blonde medester”?
- 9.7.2 Waarom word Thomas as ’n held bestempel?
- 9.7.3 Hoe verklaar *Huisgenoot* die bakleiery tussen Thomas en Seth?
- 9.7.4 Kan Thomas en Seth regtig besluit oor hoeveel tonele hulle elk met Fleur gaan doen?
- 9.8 Wat insinueer Hannes oor ...
- 9.8.1 Thomas wat deur Seth geslaan is?
- 9.8.2 Fleur wat Thomas die vorige kwartaal voor die hele skool gesoen het?
- 9.8.3 die tienduisend rand wat Thomas glo ontvang het?
- 9.9 Wat is vir Hannes die pynlikste?
- 9.10 Het jou beste vriend/vriendin jou al verraaï? Wat was jou reaksie en hoe het jy gevoel?
- 9.11 Skryf die SMS op bl. 66 oor in gewone Afrikaans.
- 9.12 Wie, dink jy, is die sender van die naamlose SMS? Motiveer.
- 9.13 Wie, dink jy, het die inligting aan *Huisgenoot* verskaf? Motiveer.

Hoofstuk 10 (bl. 67 – 77)

Thomas het Alex gebel oor die artikel en sy glo hom. Sy vind dit egter vreemd dat die tydskrif hom nie vooraf gebel het om sy kant van die storie te hoor nie. Hy besef skielik dat al die oproepe wat hy van onbekende nommers ontvang het, van die *Huisgenoot*-joernalis moes gewees het. Dit word bevestig toe hy die nommer skakel.

Toe Thomas en Fleur weer voor die kameras verskyn, lewer hulle sulke briljante spel dat die regisseur hulle “wonderkinders” noem. Ook Thinus van der Merwe prys Thomas vir sy uitmuntende spel en voorspel dat Thomas nog groot hoogtes gaan bereik. Hy noem weer dat iemand soos Seth die lewe vir Thomas baie moeilik kan maak, en raai Thomas aan om mooi daarvoor na te dink of dit die moeite werd is.

Thomas vergeet agterna om sy kostuum uit te trek en sy sak in die aantrekkamer te vat. Hy gaan terug en sien dat die meeste ligte reeds afgeskakel is. Thinus, wat voor hom gestap het, is skielik ook weg. ’n Harde kreungeluid laat hom stilstaan en net daarna hoor hy ’n bloedstollende gil. Toe Thomas omswaai, sien hy ’n figuur in ’n swart jas met ’n kap wat sy kop heeltemal bedek. Die figuur verdwyn om ’n hoek. Dadelik begin Thomas terughardloop na die ingang van die gebou. Die deure is reeds gesluit. Nou hoor hy ’n skuifgeluid. Hy kry ’n staalpen in die hande en beweeg vinnig na die kombuis. Hy hoor voetstappe wat naderkom en kyk of daar uikomplek is. Hy merk ’n venstertjie sonder diefwering. Die voetstappe klink nou soos donderslae en Thomas duik onder die tafel in. Hy sien groot voete in bonkige skoene. Die figuur draai om en stap weg. Toe hy niks meer hoor nie, maak Thomas die venstertjie oop en begin homself daardeur druk. ’n Yskoue hand gryp sy been. Hy skree en kyk oor sy skouer, maar sien niks. Hy begin skop en sy voete maak kontak met iets en die hand los sy been. Soos ’n weerligstraal hardloop hy na sy pa se wagtende motor.

- 10.1 Thomas het herhaalde male oproepe van ’n onbekende nommer gekry en dit geïgnoreer.

Wie was dit wat hom probeer kontak het en waaroor?

- 10.2 Watter bewyse is daar dat Thomas en Fleur briljante spel gelewer het?
- 10.3 Oor watter twee dinge waarsku Thinus vir Thomas?
- 10.4 Hoe weet ons dat Thomas hom totaal in die rol van Sebastiaan ingeleef het?
- 10.5 Voltooi die volgende paragraaf deur gepaste woorde in te vul:
Toe Thomas teruggaan aantrekkamer toe, hoor hy 'n harde 10.5.1 ... en 'n bloedstollende 10.5.2 Hy sien 'n figuur in 'n 10.5.3 ... jas. Hy pluk 'n 10.5.4 ... uit 'n banier om homself mee te 10.5.5 In die kombuis sien hy 'n klein venstertjie 10.5.6 ... diefwering. Toe hy homself deur die venstertjie druk, gryp 'n yskoue 10.5.7 ... sy been.
- 10.6 Thomas het die groot voete met bonkige skoene al voorheen gesien. Aan wie se voete en waar?
- 10.7 Sou jy sê Alex het 'n sin vir humor? Gee 'n rede.
- 10.8 Wat, dink jy, is “drein-gwelle”? (bl. 67)
- 10.9 “'n Skuifgeluid laat Thomas se mond droër as 'n Karoovlakte voel.”
“Sy hele lyf bewe erger as 'n vibrerende selfoon.”
“Hy spring op en hardloop asof die duiwel op rollerblades agter hom aan is.”
- 10.9.1 Kies die korrekte woord om die sin te voltooi.
Al drie hierdie vergelykings dui daarop dat Thomas ... is.
A vreesaanjaend
B vreeswekkend
C vreesagtig
D vreesbevange
- 10.9.2 Watter een van die vergelykings is vir jou die mees geslaagde? Motiveer.

Hoofstuk 11 (bl. 78 – 89)

Thomas raak van uitputting in die Afrikaansklas aan die slaap en Hannes verf swart kolle op sy slapende maat se gesig. Thomas word wakker en vervies hom lelik vir Hannes; hy toon nie sy gewone sin vir humor vir die “tatoe” op sy voorkop nie. Hannes beweer sy vriend Thomas is nie meer daar rond nie. Thomas tree ook verergd op teenoor Alex en Lilian.

Thomas voel verstote en gaan sit onder 'n boom naby die swembad. Hy sien die graffiti is toegeverf en is dankbaar daarvoor. Die afgelope twee weke was woens en voor hom is 'n nog voller program. Billy Fourie kom staan by Thomas en knoop 'n geselsie aan. Hulle gesels oor Billy se aanpassing by sy nuwe skool, die artikel in *Huisgenoot* en oor die komende rugbyproewe. Albei is senuweeagtig daarvoor. Billy het egter 'n plan wat sal verseker dat hulle al twee plekke in die o.16-span sal kry: Thomas moet sy gewone posisie as losskakel speel en hy (Billy) sal heelagter speel. Sodoende sal hulle albei skopwerk doen, maar nie teen mekaar hoef te speel nie. Thomas is verbaas, want hy dink Billy is 'n super-losskakel, maar Billy verseker hom dat hy nie omgee watter posisie hy speel nie, solank hy net speel. Al wat hulle moet doen, is om meneer Du Toit te oorreed. Billy belowe Thomas dat hy daarvoor sal sorg.

Billy wonder of die hoof al uitgevind het wie vir die graffiti op die swembadmuur verantwoordelik was. Billy vertel dat hy alles gesien het; dit was 'n donkerkopou wat soos Seth gelyk het. Thomas vra of hy dit aan die hoof kan vertel, sodat hy nie meer onder verdenking sal wees nie. Thomas besluit ook sommer daar en dan dat hy 'n nuwe beste vriend het: Billy Fourie.

- 11.1 Hoe wys juffrou Malherbe dat sy begrip het vir Thomas se toestand van uitputting?
- 11.2 Watter poets bak Hannes op die slapende Thomas?

- 11.3 “Jy’s so snaaks, hulle behoort ’n verhoog net vir jou te bou.”
Dink Thomas regtig dat Hannes snaaks is? Verduidelik.
- 11.4 Dink jy Thomas het verander, soos wat Hannes insinueer? Verduidelik.
- 11.5 Watter logiese verklaring gee Alex vir Thomas se vreemde gedrag?
- 11.6 Hoe het Thomas se pa hom beïnvloed om ’n rol in die dramareeks te aanvaar?
- 11.7 Waarom is dit vir Thomas belangrik om ’n voorsmakie te kry van die lewe van ’n professionele akteur?
- 11.8 “Voor hierdie week verby is, moet hy op ’n manier die rugbyproeue oorleef, vir meneer Volschenk oortuig dat dit nie hy was wat die graffiti geverf het nie, nuwe vriende maak wat nie sulke dofkoppe soos Hannes is nie.” Hoe help Billy vir Thomas om al hierdie probleme op te los?

Hoofstuk 12 (bl. 90 – 95)

Thomas kom by die ateljee aan en vra vir Thinus of hy die vorige aand iemand daar raak geloop het, maar Thinus sê nee en raai Thomas aan om vir Gregory daarvan te vertel as hy vreemdelinge opgemerk het. Thomas stap vasberade in die rigting van die oonde en kry die ingang agter ’n enorme advertensiebord. Daar is vyf reuse-oonde aan elke kant van die paadjie wat deur die saal loop. Elke oond het ’n swaar metaaldeur. By een van die oop oonde loer hy in en sien dat ’n mens maklik daarin kan klim en regop kan staan. In die oond sien hy egter ook ’n botteltjie water, ’n bondel komberse en ’n kussing.

So vinnig as sy voete hom kan dra, hardloop Thomas terug na die aantrekkamers, waar Verushka vir hom staan en wag. Thomas beaam dat sy reg was oor die oonde: daar is iets en iemand bly daar. Thomas glo vas dit is dáárdie persoon wat hom die vorige aand deur die ateljee gejaag het. Verushka belowe om vir Gregory en Botha daarvan te sê, sodat die sekuriteitswagte ondersoek kan gaan instel.

- 12.1 Hoe verklaar Thinus sy skielike verdwyning van die vorige aand?
- 12.2 “Hy moet die oonde gaan soek en kyk wat aangaan.” (bl. 92)
- 12.2.1 Waarom is dit Thomas se laaste uitweg?
- 12.2.2 Hoe weet Thomas waar die ingang is?
- 12.2.3 Die oonde is reusagtig groot. Hoe groot presies?
- 12.2.4 Waarmee vergelyk Thomas die oondesaal?
- 12.2.5 Watter ander beskrywing van die oonde herinner aan ’n martelkamer?
- 12.3 Is Thomas se soektog suksesvol?

Hoofstuk 13 (bl. 96 – 105)

Thomas sit op sy gewone plek langs Hannes in die Engelsklas, maar nou probeer hy hom vermy, want hy is kwaad vir hom. Die klas kry ’n opdrag wat in groepe gedoen moet word en op die rekenaarspeletjie *The Sims* gebaseer is. Thomas wil doodseker maak wat gedoen moet word en draai na Alex om haar te vra. Alex wat gewoonlik met volle aandag in die klas luister, sit nou met Lilian en gesels. Thomas beseft dat hy Alex die afgelope tyd afgeskeep het, maar dit lyk nie asof dit haar pla nie.

Hannes draai na Thomas en voorspel dat hy (Thomas) gaan sukkel met die opdrag, aangesien hy altyd sleg vaar met dié spesifieke speletjie. Hulle sit en stry oor hoe hopeloos elkeen is om ’n gesin aan die gang te hou. Die onderwyser onderbreek hulle stryery en skryf die groepindelings op die bord. Thomas is verlig om nie saam met Hannes in ’n groep te

wees nie, maar wel saam met Lukas, Billy en twee ander slim meisies. Thomas se groep besluit om elkeen 'n deel van die opdrag tuis te doen en dit dan vir mekaar te e-pos. Hulle besluit ook sommer op sperdatums.

'n Briefie van Alex af beland op Thomas se bank. Sy wil weet of sy hom daardie aand kan sien om met hom te praat. Thomas skryf terug en sê dat as dit dringend is hulle sommer ná die Engelsperiode kan praat. Tot sy ontsteltenis hoor Thomas toe dat Alex met hom wil uitmaak. Haar rede is dat hulle al twee op die oomblik te besig is vir 'n verhouding. Thomas probeer haar ompraat, maar sien sy gaan nie van plan verander nie.

- 13.1 Waaroor is Thomas so kwaad vir Hannes?
- 13.2 Het jy al *The Sims* gespeel en wat dink jy daarvan?
- 13.3 Oor groepwerk dink Thomas “dis óf great óf 'n trainsmash”. Stem jy saam? Bespreek.
- 13.4 Hoe sal Thomas se groep te werk gaan met die opdrag om tyd te bespaar?
- 13.5 Watter terugslag beleef Thomas se privaatlewe?
- 13.6 Watter redes voer Alex aan vir haar besluit?
- 13.7 Hoe probeer Thomas vir Alex oorreed dat dit nie nodig is om uit te maak nie?
- 13.8 Watter dinge sal Alex wil doen waarvoor daar nie nou tyd is nie?
- 13.9 Vir wie sou jy ondersteun in hulle redenasie oor 'n verhouding? Alex of Thomas? Motiveer.
- 13.10 Het 'n ou of 'n meisie jou al so uit die bloute afgesê? Hoe het jy gevoel? Het jy dit probeer keer? Vertel van jou ervaring.

Hoofstuk 14 (bl. 106 – 113)

Thabo kom weer soos altyd onverwags by Thomas aan. Hy bring 'n tydskrif wat by Thomas se buitedeur gelê het saam. Dit is 'n kopie van die *Huisgenoot* met Thomas op die voorblad. Dit is vol rooi spatsels en rondom Thomas se gesig is skedelbene met 'n dik swart pen geteken. Thabo wil hê Thomas moet polisie toe gaan daarmee, maar Thomas maak dit af as Seth se werk en steur hom nie veel daaraan nie.

Thabo wil weet wat aangaan en Thomas vertel hom van al sy probleme, ook van Alex wat daardie dag met hom uitgemaak het. Thabo sê die persoon wat die tydskrif daar gelaat het, bedoel dit ernstig. Thomas vertel hom van Seth wat altyd moeilikheid soek en Thabo belowe om sy joernalis-ma te vra om meer uit te vind oor Seth Verwey. Oor die mans in swart hoef Thomas hom nie te veel te bekommer nie, dit is maar net nog een van Seth se streke om Thomas bang te maak. Hy moet hom ook nie te veel aan Hannes steur nie; hy voel dalk maar net alleen en verstote. Thabo se raad oor Alex is dat Thomas baie gaaf met haar moet wees en begrip moet toon vir haar redes vir die verbreking van die verhouding. Hy glo sy sal gou haar fout agterkom. Thabo het selfs raad vir Thomas se tydsbeplanning: 'n rekenaarprogram van sy pa.

Thomas nooi Thabo om die volgende aand saam met nege van sy klasmaats te kom kyk hoe hulle by die ateljee verfilm.

- 14.1 Wat is Seth se jongste manier om Thomas te dreig en bang te maak?
- 14.2 Wat simboliseer die kopbene?
- 14.3 Watter raad het Thabo met
 - 14.3.1 Seth?
 - 14.3.2 Hannes?

14.3.3 Alex?

- 14.4 Wie of wat het Thabo toegerus om Thomas so van raad te bedien?
- 14.5 Watter vergunning het die regisseur vir Thomas gemaak?
- 14.6 Toe Thabo by Thomas aankom, voel Thomas “sy lewe suig erger as ’n stofsuiër.” Watter verandering is daar nadat Thabo weg is?

Hoofstuk 15 (bl. 114 – 120)

Ná skool probeer Thomas Thabo se raad volg en knoop ’n geselsie met Alex aan. Dit voel egter vreemd om so half onpersoonlik teenoor Alex op te tree. Hy nooi haar om daardie aand na die verfilming in die ateljee te kom kyk. Alex sê sy sal probeer om daar te wees.

Thomas oefen nog ’n bietjie stelskoppe toe Lukas sy aandag op die mans in swart aan die oorkant van die veld vestig. Die man met die litteken stap nader en vra vir Thomas waar Seth Verwey is; Thomas sien hom mos elke dag. Thomas is paniekerig en sê hy skuld hulle nie geld nie. Die man sê hulle weet nou dat Seth gelieg het. Thomas moet nou ’n boodskap aan Seth oordra: Charlie soek sy dertigduisend rand. Thomas moet stilbly oor hulle besoek.

Net toe die mans weg is, kom roep Hannes vir Thomas en saam hardloop hulle kleedkamer toe. Daar wag meneer Volschenk en meneer Du Toit hom in, saam met ’n klomp nuuskierige seuns. Die hoof sê almal het hom verseker dat Thomas nie naby die kleedkamer was nie en dus nie verantwoordelik is vir die vandalisme nie. Op een van die mure, in rooi geverf, is Thomas se naam, ’n skedelbeen en daardie dag se datum.

- 15.1 Waarom gee Thomas skielik aandag aan sy voorkoms toe hy Alex sien?
- 15.2 Waarom is Thomas dadelik vies vir homself net nadat hy Alex na die ateljee genooi het?
- 15.3 “Ag nee,” kreun Thomas. “Dis daardie ouens wat nou die dag vir my en Hannes gepla het.” (bl.116)
 - 15.3.1 Wie is hierdie ouens?
 - 15.3.2 Wat wou die mans die vorige keer van Thomas hê?
 - 15.3.3 Wat wil die mans nou hê?
 - 15.3.4 Watter boodskap gee hulle vir Thomas?
 - 15.3.5 Hoe dreig hulle vir Thomas?
- 15.4 Thomas sê meneer Volschenk het vir hom en Hannes die vorige keer toe die mans daar was, gered. Hoekom is dit ironies?
- 15.5 Waarna verwys Thomas as hy van Hannes se “skryfbehoeftes-jokes” praat?
- 15.6 Wat sien Thomas op een van die kleedkamermure?
- 15.7 Waarom is dit ’n “dodelike” boodskap?
- 15.8 Beskryf almal se verskillende reaksies daar by die kleedkamer.

Hoofstuk 16 (bl. 121 – 134)

Dit is die aand waarop Thomas se gaste na die verfilming kom kyk. Thomas se pa het reeds met die regisseur en die vervaardigers gepraat oor Seth se dreigemente. As hulle nie iets daaraan gaan doen nie, sal Thomas moet onttrek. Dit blyk egter dat hulle meer belangstel in geld as in hulle akteurs se veiligheid. Hulle het wel melding gemaak van die goed wat Thomas in een van die oonde sien lê het, maar beweer dat die oonde leeg is.

Hannes daag vroeër as die ander daar op en vra vir Thomas om verskoning vir sy houding van die afgelope tyd en dat hy nie vir Thomas geglo het nie. Toe almal daar is, wys Thomas

hulle die verskillende stelle en neem hulle daarna na die oonde. Die oond waarin hy die slaapgoed gesien het, is inderdaad leeg. Thomas vertel hoe 'n hele paar mense daar dood is; hy dink hulle is vermoor. Terwyl Thomas gereed maak vir sy tonele, gaan wys Verushka vir die gaste die kostuum- en grimeerafdelings.

By die ontspanningskamer hoor Thomas hoe Seth en Thinus argumenteer. Seth sê dat hy die gewildste akteur op die stel is en derhalwe kan doen net wat hy wil. Thomas gaan trek vinnig aan en sit met die draaiboek op 'n stoel. Seth bars binne en begin Thomas beledig. Dit word vir Thomas duidelik dat Seth verantwoordelik was vir die *Huisgenoot*-artikel.

Net toe die verfilming moet begin, sak Fleur inmekaar en moet hospitaal toe geneem word. Alles word uitgestel tot die volgende oggend. Thomas wil nog gou vir sy gaste die ontspanningskamer gaan wys, maar die ateljee is skielik pikdonker.

- 16.1 Hoe beskerm die filmbase vir Seth toe Thomas se pa gaan kla? Noem twee dinge.
- 16.2 Watter redes voer die base aan dat Thomas nie sommer net die reeks kan verlaat nie?
- 16.3 Watter tydskrifte het Lilian en Marlize saamgebring en waarom?
- 16.4 Wat is die ware rede waarom Thomas sy gaste oonde toe neem?
- 16.5 “Dit lyk soos reuse, oopgesperde monde wat gereed staan om enige iets in te sluk en op 'n gruwelike wyse te laat verdwyn. Vir ewig.” Hoe stem hierdie beskrywing ooreen met die stories wat Thomas aan sy gaste voorhou?
- 16.6 Hoe sou jy Seth se manier van praat met Thinus beskryf? Is dit toelaatbaar?
- 16.7 Waarvan beskuldig Seth vir Thomas?
- 16.8 Thomas is woedend, maar dink dit is “die een aand wat die vulkaan nie kan ontplof nie”.
Waarom nie?
- 16.9 Waarom, dink jy, het Fleur ineengestort?

Hoofstuk 17 (bl. 145 – 140)

Die noodligte flikker aan. Shaun, 'n kameraman, vra Thomas om die hoofskakelaar te gaan aanskakel, aangesien hy 'n flits het. Die boks is in die gang, tussen die oonde en die aantrekkamers. Alex sien dat die buiteligte en straatligte aan is, wat beteken dat daar nie 'n kragonderbreking was nie; iemand het die ateljee se ligte doelbewus afgeskakel.

Net voordat Thomas en Hannes skakelaar toe gaan, maak Thabo bekend wat sy ma uitgevind het: Thinus van der Merwe is Seth se pa. Thomas is uit die veld geslaan en kan nie verstaan hoe 'n oulike man soos Thinus só 'n seun kan hê nie.

Terwyl Thomas in die gang afstap, voel hy teen die muur. Skielik is die muur nat en taai. Hy skree en laat val sy flits. Hy soek sy flits op die grond, maar vat 'n natterige bondel materiaal raak. Hy hoor ook weer dieselfde kreungeluide wat hy gehoor het toe iemand hom 'n dag of wat gelede deur die ateljee gejaag het. Hy en Hannes begin terughardloop en hulle hoor die geflap van 'n jas. Thomas kyk oor sy skouer en sien 'n donker figuur in 'n swart jas met 'n swart kep laag oor sy oë getrek.

Terug by Shaun en sy maats, staar almal na Thomas se hande wat vol bloed is. Thomas het nog steeds die bondeltjie materiaal in sy hand, dit is die hemp wat Seth vroeër daardie aand aangehad het.

- 17.1 Waarom, dink jy, het iemand die ligte afgeskakel?

- 17.2 Watter onverwagte nuus bring Thabo vir Thomas?
- 17.3 Wat vind jy vreemd omtrent hierdie nuus?
- 17.4 Noem al die faktore wat 'n spokerige en angswekkende atmosfeer skep.
- 17.5 Hoe tree iemand op as sy verbeelding op Red Bull is? (bl.138)
- 17.6 Wat suggereer die bebloede muur en hemp?

Hoofstuk 18 (bl. 141 – 150)

Dit is die dag van die proewe. Meneer Du Toit verduidelik dat elke speler drie kort wedstryde in drie verskillende spanne sal speel. Hy kondig ook aan dat die o.14 A's en die o.16 A's saam met die eerste span in Namibië gaan toer.

Toe Thomas na die spanlyste op die kennisgewingbord gaan kyk, sien hy tot sy ontsteltenis dat hy in die eerste wedstryd as heelagter speel en Billy as losskakel. Thomas vra dadelik vir Billy wat aangaan en hy oortuig Thomas dat hy wel met meneer Du Toit gereël het. Volgens hom wil meneer Du Toit hulle op albei posisies toets en hy verseker Thomas dat hy in die volgende wedstryd sekerlik losskakel sal speel. So moet Thomas toekyk hoe uitmuntend Billy speel, terwyl hyself agtelosige foute maak.

Voordat Thomas sy volgende wedstryd speel, kom 'n inspekteur van die Caledonplein-polisiestase na hom en vra waar Seth Verwey is. Die bloed op die hemp wat Thomas die vorige aand gekry het, is positief getoets as Seth Verwey s'n. Seth word dus nou as 'n vermiste persoon in verdagte omstandighede hanteer. Die speurder noem dat hy bewus is van Seth en Thomas se wedersydse dreigemente. Thomas is die laaste persoon wat Seth gesien het toe hy in die ontspanningskamer was; hy is dus 'n belangrike skakel vir die polisie.

Thomas is geskok toe hy sien hy speel wéér heelagter in die volgende wedstryd. Beide Thomas en Billy speel swak. Toe die fluitjie blaas, gaan vind Thomas uit wat aangaan. Meneer Du Toit sê verbaas dat Thomas dan gevra het om voortaan heelagter te speel. Dadelik besef Thomas dat Billy Fourie hom bedrieg het. Gelukkig besluit meneer Du Toit daar en dan om Thomas 'n kans te gee om losskakel te speel in die laaste wedstryd. Thomas speel soos 'n Springbok. Meneer Du Toit kry vir Billy onder vier oë.

Thomas vertel vir Hannes en Lukas van die speurder se besoek en Hannes merk droogweg op dat Seth dalk in een van die oonde wegkruip. Thomas besef dat Hannes heel waarskynlik reg is en spring dadelik op om sy soektog na Seth te begin.

- 18.1 Watter verrassing het meneer Du Toit vir die spelers?
- 18.2 Watter metode volg die afrigter om 'n span te kies?
- 18.3 Is Billy betroubaar? Motiveer.
- 18.4 Wat was Billy se motief met sy leuens?
- 18.5 Het Billy se plan gewerk? Verduidelik.
- 18.6 Waarom kry Thomas besoek van inspekteur Van Dyk?
- 18.7 Wat insinueer inspekteur Van Dyk as hy na Thomas en Seth se oor-en-weer-geslanery en dreigemente verwys?
- 18.8 Wat vind die polisie alles vreemd in verband met Seth se verdwyning?
- 18.9 Hoe verklaar Hannes die verdwyning?
- 18.10 Dink jy Thomas het die span gehaal? Gee 'n rede.

Hoofstuk 19 (bl. 151 – 156)

Hannes en Lukas vergesel Thomas te voet na die ateljee. Hannes vertel 'n wit leuentjie aan die sekuriteitswag, sodat hulle ingelaat kan word. Hulle draf reguit na die oonde. Die advertensiebord is voor die ingang na die oonde geskuif. Hulle skuif dit weg en gaan binne. Toe hulle een van die toe oonde se deur oopmaak, hoor hulle 'n dowwe kreungeluid. Thomas roep Seth se naam, en sonder dat iemand dit verwag, word hy na binne gedruk en die deur gaan toe. Thomas hoor ook 'n harde slag en 'n gil; dit klink soos Hannes.

Binne-in die oond skop en beur Thomas, maar hy kry die deur nie oop nie. Hy hoor weer die kreungeluid, nou agter hom. Met sy selfoonliggie sien hy dit is Seth. Seth verduidelik hortend en stotend dat iemand in swart geklee hom oor die kop geslaan en toe in die oond gedruk het. Thomas vra Seth om te probeer fokus en te voel of daar 'n manier is om uit te kom. Seth kry ventilasiegate en slaag daarin om die ventilasierooster uit te druk. Albei kom uiteindelik uit.

Thomas wonder wat van Hannes en Lukas geword het. Met Seth wat aan hom hang, kom Thomas weer in die gang uit. Thomas voel alles is nie pluis nie en draai om. Tot sy ontsteltenis sien hy 'n figuur in swart geklee wat naderkom. Hy begin vreesbevange om hulp roep, maar 'n yskoue hand gryp hom van agter af om sy nek en wurg hom totdat hy bewusteloos bo-oor Seth op die vloer val.

- 19.1.1 Hoe kry die seuns dit reg om by die ateljee ingelaat te word?
- 19.1.2 Dink jy Hannes se wit leuentjie is geregverdig?
- 19.2 Watter tekens van polisie teenwoordigheid is daar in die ateljee?
- 19.3 Vroeër het ons gelees van die oonde wat met oop bekke en vuurtonge op hulle prooi wag. Hoe word dit gedeeltelik hier bewaarheid?
- 19.4 Toe Thomas by Seth in die oond uitkom, vra Seth flouerig: "Is ... dit ... jy ... Tommie"? Is Seth sarkasties?
- 19.5 Waarom is dit ironies dat juis Thomas tot Seth se redding kom?
- 19.6 Dink jy Thomas gaan lewend hier uitkom?
- 19.7 Sal jy graag die volgende hoofstuk wil lees? Gee 'n rede.

Hoofstuk 20 (bl. 157 – 163)

Thomas, sy ouers en vriende, is almal saam by sy huis. Hulle gaan na die eerste episode met Thomas in *Die Malans van Marthaheim* kyk. Thomas se pa kom binne met bokse vol pizza en 'n stapel koerante. Op die voorblad is 'n reuse-foto van Hannes met 'n berig oor hoe hy sy beste vriend en 'n TV-ster help red het. Almal lees die berig. Thabo vind alles verwarrend. Hy het gedink Seth was die slegte ou in die verhaal, maar nou blyk hy 'n slagoffer te wees. Thomas verduidelik dat Seth wel 'n drel was en bedreig gevoel het deur die nuwe karakter in die reeks. Daarom het hy Thomas probeer afskrik. Daar word vermoed dat Seth dwelms begin gebruik het en geld daarvoor geleen het. Dit is een van die dwelmouens wat vir Seth en Thomas aangeval het. Gelukkig het Hannes hom met 'n duikslag verwilder. Seth sterk aan in 'n hospitaal en Fleur sal ook weer herstel, want sy kry sielkundige behandeling vir haar eetversteuring.

Thomas gaan sit langs Alex toe die uitsending begin. Toe alles veilig lyk, soen hy haar saggies.

- 20.1 Hou Thomas se senuweeagtigheid verband met die drama by die ateljee?
Verduidelik.
- 20.2 Vroeër het Thabo vir Thomas en Hannes met Batman en Robin vergelyk.
Hoekom? Is dit op hierdie oomblik nog van toepassing?
- 20.3 Dink jy Seth se laakbare optrede teenoor Thomas was geregverdig?
Verduidelik.
- 20.4 Kies die woord wat die sin die beste sal voltooi. Seth se optrede was ...
A kleinmoedig.
B kleinlik.
C kleinsorig.
D kleingelowig.
- 20.5 Seth Verwey is Thinus van der Merwe se seun. Hoekom het hulle dan verskillende vanne?
- 20.6 Thinus het Thomas teen Seth gewaarsku. Wou hy regtig vir Thomas beskerm of het hy dalk 'n ander agenda gehad? Gee 'n rede.
- 20.7 Dink jy dwelms sou regtig vir Seth gehelp het om sy probleme op te los?
Bespreek.
- 20.8 Thinus was blykbaar bewus van Seth se dwelmprobleem. Hoe sal jou pa/ma reageer as jy dwelms gebruik?
- 20.9 Dink jy Thomas en Alex is weer versoen? Gee redes.

5. Ruimte en tyd

Ruimte

Die plekke waar karakters in 'n verhaal leef en werk en beweeg het 'n groot invloed op hulle lewens. Dink byvoorbeeld aan Thomas-hulle se huis, waar hy geborge en veilig voel, en die skool, waar hy gereeld in die moeilikheid beland, al is hy meestal onskuldig. Die skoolhoof laat Thomas beslis nie welkom voel by sy instelling nie, en dreig Thomas gedurig met skorsing. Die ateljee waar die verfilming van *Die Malans van Marthaheim* plaasvind, is meestal 'n vreesaanjaende ruimte, waar Thomas konflik op die stel en lewensbedreigende oomblikke in die grilligerige gange en oondesaal beleef.

Wanneer plekke in 'n verhaal beskryf word op 'n manier dat daar ekstra betekenis deur die ruimtelike beskrywing en hantering verkry word, word so 'n plek 'n ruimte genoem. Ruimte is dus 'n plek waaraan betekenis geheg word. Ruimte sluit ook alle sintuiglike en emosionele belewenisse in. Ruimte is dus nie net 'n fisiese plek nie, maar ook 'n emosionele en sintuiglike omgewing.

Tyd

Die gebeure in 'n verhaal speel binne 'n bepaalde tyd of era af. Die verhaal speel ook binne 'n sekere tydsverloop af; tussen die begin en die einde van 'n verhaal moet 'n sekere tydsduur verloop. Die Thomas-boeke speel in 'n moderne tyd af, daar is rekenaars en selfone. Die verhaal word ook chronologies vertel, al die gebeure volg op mekaar.

Vrae oor die ruimte en tyd

1. Verduidelik waarom Thomas sy huis as 'n positiewe ruimte ervaar.
2. Gee voorbeelde uit die teks om te bewys dat Thomas die skool as 'n negatiewe plek ervaar.
3. Thomas hou van rugby, maar ervaar hy die rugbyveld as 'n positiewe ruimte? Gee redes.
4. Hoe lank is die tydperk wat verloop vandat hierdie verhaal begin totdat dit eindig?
5. Watter aanduidings is daar oor die plek waar die verhaal afspeel?

6. Vertelperspektief

Verteller

Die een wat vertel of wie se stem gehoor word, is die verteller. Die outeur en die verteller is nie dieselfde persoon nie. Die verteller en fokalisator (die een wie se siening gegee word) kan dieselfde instansie wees, maar dit is nie noodwendig so nie. Soms vertel 'n verteller iemand anders se verhaal en gee iemand anders se mening weer. Daar is drie verskillende soorte vertellers:

- 'n **Eksterne verteller** staan heeltemal buite die verhaal en is gewoonlik anoniem. Dié verteller word ook 'n alomteenwoordige derdepersoonsverteller genoem. Die eksterne verteller weet alles van die karakters en gebeure.
- 'n **Interne verteller** is deel van die verhaal, maar nie noodwendig 'n karakter nie. Hy ken die karakters se gevoelens en gedagtes. Dit word ook 'n anonieme/bepaalde derdepersoonsverteller genoem.
- 'n **Karaktergebonde verteller** is een van die karakters wat self vertel wat hy beleef en die ander karakters in sy woorde beskryf. Dit word ook 'n eerste persoonsverteller genoem en hy/sy verwys na hom-/haarself as "ek".

Fokalisator

Die fokalisator is die een wat sien in 'n verhaal. Die fokalisator is die instansie wie se siening op 'n bepaalde plek in die verhaal weergegee word. Daar is drie verskillende soorte fokalisators:

- **Eksterne fokalisator** is een wat van buite die verhaal kyk en alles weet van die karakters. Hy is slegs 'n kykende instansie en nie deel van die verhaal nie.
- **Interne fokalisator** is die "ek" of 'n "hy/sy" wat binne die verhaal staan. Hierdie fokalisator kan nie alles weet of orals wees nie en sy eie visie bepaal die beoordeling van wat hy sien. Die leser moet hiervan kennis neem.
- 'n **Karaktergebonde fokalisator** is 'n spesiale vorm van interne fokalisasie. Een van die karakters is die fokalisator en gee sy siening, mening en oordeel van gebeure en ander karakters. In *Thomas@aksie.net* is die hoofkarakter, Thomas, die fokalisator.

Vrae oor die verteller en fokalisator

1. Watter soort verteller kry ons in *Thomas@aksie.net* ?
2. Is die verteller geloofwaardig? Hoekom?
3. Deur wie se oë sien ons die gebeure en karakters?
4. Sou die storie anders gewees het as dit vanuit iemand anders se oogpunt vertel is?

7. Intrige

Een van die basiese aspekte van 'n verhaal is dat daar met die karakters dinge gebeur; hulle handel en tree op. Handeling is een van die fundamentele elemente van 'n vertelling. Dit hoef nie net uiterlik te wees nie, dit kan ook innerlik, in 'n persoon se gedagtes of drome, wees.

Die intrige of plot is die reeks gebeure waaruit 'n verhaal opgebou is. Die intrige is onlosmaaklik deel van die handeling. Die intrige of plot is die belangrikste deel van 'n verhaal, want sonder gebeure kan daar nie 'n verhaal wees nie.

'n Verhaal verskaf 'n prentjie van die lewe in beweging, soos dit van oomblik tot oomblik ontwikkel en verander. Dit impliseer dat daar noodwendig 'n bepaalde aanvangsoomblik moet wees, met

progressie in die handeling, bewegende na die slotoomblik.

Die klassieke plot lyk soos volg:



Vrae oor die intrige/plot

- 1 Dink julle dat *Thomas@aksie.net* se intrige soos hierdie kurwe lyk? Hoekom?
- 2 Waar dink julle was die klimaks van die verhaal?
- 3 Gee 'n uiteensetting van die sekondêre spanningslyn (Thomas en die proewe).

8. Karakterisering

Sonder karakters kan daar geen verhaal wees nie. Die karakter moet menslike eienskappe hê en die leser moet homself of iemand anders in 'n bepaalde karakter kan herken. Die skrywer selekteer slegs sekere feite wat nodig is om die karakter in sy ontwikkeling uit te beeld.

Karakters word tradisioneel in “ronde” (driedimensionele) en “plat” (tweedimensionele) karakters ingedeel. Die ronde karakters is nie net goed of sleg nie, maar ware mense. Dié tipe karakter ondergaan ook 'n soort innerlike ontwikkeling of progressie deur die loop van die verhaal. Die plat karakters bly meestal tipes en word nie as “werklike” mense voorgestel nie. Hulle is voorspelbaar en sonder verrassende moontlikhede, ontwikkel min of niks en kan in enkele woorde geskets word. Thomas is 'n ronde karakter, terwyl Lukas, Lilian, Verushka en Botha byvoorbeeld plat karakters is.

Daar word van **direkte en indirekte uitbeelding** gebruik gemaak om 'n karakter te skep. Direkte uitbeelding is wanneer die skrywer direk te werk gaan en openlik vir die leser vertel wie en wat die karakter is, hoe hy lyk en waarom hy doen wat hy doen. Die volgende vrae kan nuttig wees om die karakteriseringstegnieke raak te sien:

- Watter inligting kom uit **direkte beskrywings** van die karakter na vore? Hoe lyk hy, watter klere dra hy, wat is sy lyftaal en houding teenoor sy omgewing en ander karakters? Dink byvoorbeeld hier aan hoe Fleur beskryf word (bl. 9) as 'n blonde meisie met groot blou oë en 'n heserige stem wat die kombuis swaaiend binnekom. Sy het 'n styfpassende gymbroek en 'n toppie aan. Op haar bobeen en teen haar bors is die wit Nike-logo se regmerk. Sy gee 'n skitterwit glimlag.
- Watter **kommentaar** word deur die verteller op 'n karakter gelever? Thomas, as fokalisator, lewer baie kommentaar op die ander karakters in die verhaal. Dink byvoorbeeld hoe hy Fleur (bl. 14) sien: “Sy lyk altyd great met haar blonde hare, lang bene en cool klere. Maar baie meisies kan so lyk.” En op bl. 64 beskryf hy haar as 'n “dumb blonde.”
- Wat **doen** en sê die karakter? Wat kan jy aflei van sy doen en late oor sy persoonlikheid? Seth is 'n rebelse sewentienjarige seun. Hy is 'n goeie akteur, maar baie manipulerend. Deur sy aksies en woorde sien ons dat hy selfsugtig, gemeen en selfs gewelddadig is. Hy gebruik maklik sy vuiste en gedrewe deur jaloesie doen hy allerlei onaanvaarbare dinge om Thomas van die stel af weg te kry. Sy woorde aan sy pa wys ook vir ons hoe min respek hy het en hoe baie hy van homself dink: “Ek sal doen wat ek wil. Ek't die meeste fans van julle almal hier. Sonder my is die reeks niks. En dit beteken dat ek kan doen wat ek wil, wanneer

ek wil.”

- **Indirekte uitbeelding** gee inligting oor die karakter op 'n indirekte wyse. Die volgende vrae kan hiermee help:
- Wat sê en dink die ander karakters van mekaar? Thomas het baie vriende, maar Seth Verwey en meneer Volschenk hou nie van hom nie. Kyk wat sê hulle van Thomas. Kyk ook wat Alex, Louisa, Hannes en Fleur alles oor Thomas te sê het. Kyk byvoorbeeld ook wat Thinus van der Merwe oor sy eie seun, Seth, te sê het (bl. 35)
- Watter **kommentaar** word **indirek** op die karakter gelewer deur ander karakters se houding teenoor hom?
- Wat is die **verhouding** tussen die karakters?

In elke verhaal is daar 'n **protagonis** (die hoofkarakter, in hierdie geval Thomas Steyn) en 'n **antagonis** (wat gewoonlik teenoor die hoofkarakter staan, in dié geval veral Seth Verwey). Die verhaal wentel om die protagonis en dit is ook gewoonlik dié karakter se gevoelens en gedagtes wat op die voorgrond is. Die antagonis is die karakter wat die protagonis teenstaan of hom probeer verhoed om sy doel te bereik. In 'n verhaal kan daar meer as een protagonis of antagonis wees. In *Thomas@aksie.net* is Thomas die protagonis. Daar is egter verskeie antagoniste. Eerstens is daar Seth Verwey wat jaloers is op Thomas se speeltalent. Hy wil nie graag die kalklig met 'n ander deel nie en probeer dus Thomas se deelname aan die TV-reeks stuit. Hy gebruik allerlei bose planne en tegnieke, soos vuisslaan, boodskappe om bakstene, naamlose SMS'e en graffiti by die skool. Dan is daar ook Billy Fourie wat bittergraag Thomas se plek in die rugbyspan wil hê, en hom op oneerlike wyse probeer uitskuif. Meneer Volschenk val ook in die antagonis-kategorie. Dit is duidelik dat hy Thomas nie kan duld nie en hom as 'n jeugmisdadiger beskou en ook as sodanig behandel.

Dis baie belangrik vir 'n karakter om geloofwaardig te wees. As 'n karakter nie geloofwaardig is nie, sal die leser nie met hom kan identifiseer nie. Die karakter se handeling en dialoog moet pas by die “gewone lewe”. Geloofwaardigheid het dus te make met die leser se persepsies oor karakters en die situasies waarin hulle hulself bevind. Stereotipering moet ook nie te veel gebruik word nie. 'n Stereotipe is 'n ooreenvoudigde idee van 'n persoon of 'n groep mense.

Vrae oor die karakters

1. Wie is die hoofkarakter in hierdie verhaal?
2. Is daar net een antagonis in die verhaal? Gee redes.
3. Op watter maniere word Seth Verwey gekarakteriseer?
4. Noem 'n paar dinge wat ons van Seth se karakter leer. Die volgende bladsye bevat inligting: 26, 27, 35, 39, 44, 45, 49, 51, 52, 55, 57, 73, 82, 88, 110, 128, 129, 130.
5. Ons kry inligting oor karakters na aanleiding van wat ander karakters van hulle dink en sê. Watter inligting gee Thomas vir ons oor Louisa (bl. 25) en oor Fleur (bl. 14)?
6. Ons leer meer van meneer Volschenk uit direkte beskrywing. Hoe word hy op bl. 20 beskryf? Watter indruk skep hierdie beskrywing by die leser?
7. Is die karakters geloofwaardig? Gee redes.

9. Temas, motiewe en simbole

Temas

Die tema in 'n verhaal is die grondgedagte waaromheen die verhaal plaasvind, bv. terrorisme, droogte, jaloerie, moord, ens. Die tema kan enkelvoudig of verwickeld wees. Dit is die deurdringende lewenswysheid wat in die verhaal vergestalt word. Die tema is ook die draer van die boodskap van die verhaal. Die boodskap is die moontlike universele insig of wat

die skrywer wil hê die leser uit die verhaal moet kry. Die tema in *Thomas@aksie.net* is dat 'n jong seun, Thomas, deur jaloesie, wankelende jeugliefde, haatdraendheid en geweld, sy pad deur die lewe moet vind. Dit is nie altyd vir hom maklik nie en hy moet waak teen weerwraak, kleinlikheid en selfbejammering.

Motiewe

'n Motief is 'n element wat herhaaldelik in verhale voorkom en tradisioneel het so 'n element telkens dieselfde betekenis, soos byvoorbeeld die rooi roos wat in verband met die liefde staan. Die saak en die betekenis van die verhaal word in die motief saamgevat. Wanneer 'n motief in 'n verhaal herhaaldelik gebruik word, kry so 'n motief meer betekenis. Só 'n motief word ook dan die draer van die tema. Daar moet egter onderskei word tussen die motief en die tema. 'n Motief is 'n konkrete tekselement wat in die verhaal voorkom, terwyl die tema die abstrakte betekenis van hierdie tekselement (motief) is. Byvoorbeeld, in *Thomas@aksie.net* kan jeugliefde, jaloesie, eetversteurings, dwelmgebruik, groepdruk, geweld, gesinsverbande, tegnologie (selfone en rekenaars) en vriendskap almal as motiewe gesien word. Daar is ook die herhaaldelike verwysings na die Gruwelgrot, grilligerige oonde en die swart jas en swart klere.

Simbole

Wanneer 'n bepaalde saak of beeld herhaaldelik in 'n verhaal voorkom, kan dit simboliese betekenis kry. So 'n beeld of saak word dan 'n simbool, wat telkens 'n hele reeks betekenis en emosies by die leser oproep. So is die kruis die simbool van die Christendom, terwyl die lelie reinheid simboliseer.

Vrae oor die tema, motiewe en simbole

1. Waarvan word die kleur swart 'n simbool in die verhaal?
2. Waarvan word die oonde 'n simbool in die verhaal?
3. Gee jou eie beskrywing van die tema van die verhaal.

10. Taalgebruik

Gepaste taalgebruik is taalgebruik wat binne 'n bepaalde konteks op stilistiese vlak vir die leser aanvaarbaar is. Met ander woorde, die spesifieke konteks waarbinne die verhaal afspeel, bepaal of die taalgebruik in die verhaal vir die leser aanvaarbaar gaan wees. 'n Jeugboek, soos *Thomas@aksie.net*, gaan nie vir jongmense geskik wees as dit in perfekte en korrekte Afrikaans geskryf is nie. Dit is nie hoe tieners praat nie. As die lesers nie met die taalgebruik kan identifiseer nie, gaan hulle die boek ook nie as geloofwaardig beskou nie.

Thomas@aksie.net is in loslit-Afrikaans geskryf, dit is geskryf soos die gemiddelde tiener deesdae praat. Die vraag is nou: Gaan dié boeke se taalgebruik 'n invloed hê op die populariteit van die boeke oor twintig jaar? Is hierdie taalgebruik aanvaarbaar vir die leerders? Laat hulle gerus daarvoor gesels.

Jargon

Die tegniese woordeskat van 'n stelsel, bedryf of saak, byvoorbeeld rekenarterme en mediese verwysings.

Register

Dit gaan hier oor die wyse waarop 'n mens praat of skryf. Die register hang dikwels af van die konteks. Iemand sal dus op 'n sekere manier praat in sy werkgewer se kantoor, maar op 'n heel ander manier as hy tussen sy vriende is. Dink byvoorbeeld aan die manier hoe Thomas met

Thinus van der Merwe praat en hoe hy met Hannes praat.

Vrae oor die taalgebruik

1. Alex sê vir Hannes hy praat asof hy Engels saam met Afrikaans in 'n versapper gesit het. Soek voorbeelde van hierdie "versapte" taal en sê of dit is hoe tieners praat.
2. Alex praat suiwer Afrikaans en Hannes wonder of sy 'n woordeboek lees voordat sy saans gaan slaap en of sy dalk met sulke woorde gebore is. Waarom verskil Alex se taalgebruik van die ander tieners s'n?

11. Opsomming van boek

Thomas Steyn begin die tweede skoolkwartaal met baie hooi op sy vurk: Hy gaan 'n rol in die TV-reeks *Die Malans van Marthaheim* vertolk, hy moet fiks word vir die komende rugbyproewe en byhou met sy skoolwerk. Asof dit nie genoeg is nie, het die uithaler-losskakel Billy Fourie na Hoërskool Leeukop oorgeskakel en Thomas se posisie in die span is in gevaar. Billy word met ope arms deur die skoolhoof, meneer Volschenk, ontvang, terwyl Thomas as 'n jeugmisdadiger bestempel word.

Toe iemand 'n baksteen met 'n waarskuwende boodskap deur Thomas-hulle se skuifdeur gooi, besef hy sy teenwoordigheid by die ateljee is ongewens. By die ateljee kry Thomas teenstand van Seth Verwey, 'n mede-akteur. Seth het Thomas met die eerste ontmoeting langs die rugbyveld bloedneus geslaan om sy refleksie te toets. Fleur Vermaak, die beeldskone sepie-ster, was ook teenwoordig. Dieselfde aand by die ateljee stamp Seth vir Thomas uit hulle gemeenskaplike aantrekkamer omdat hy nie wil deel nie. Met sy eerste ontmoeting met die befaamde ouer akteur Thinus van der Merwe daardie aand, waarsku hy vir Thomas teen Seth en sê dat hy 'n moeilikheidmaker is en nie van kompetisie hou nie. Thomas besef dit is waar en dat hy sal moet optree; hy waarsku Seth op 'n ferm wyse. Thomas hoor ook hoe Fleur baklei omdat haar klere te groot is. Die kostuummense sê egter dit is Fleur wat maerder geword het.

Verushka, die produksie-assistent, vertel ook dat die ateljee, of Gruwelgrot soos almal daar dit noem, voorheen 'n bakkery was waar verskeie mense glo dood is. Die oonde is nog steeds daar en lyk skynbaar grillerig.

Toe Thomas vroeg die volgende oggend by die rugbyveld gaan oefen, tref hy Billy Fourie ook daar aan. Terwyl hulle saam oefen, gesels hulle en besef dat hulle mekaar die vorige jaar sien rugby speel het en beïndruk was met mekaar se spel. Billy sê 'n paar dae later aan Thomas dat hy 'n plan het om hulle al twee in die span te hou: Hy sal heelagter speel en Thomas kan sy posisie as losskakel behou. Hy sal self vir meneer Du Toit, die afrigter, gaan inlig. Thomas glo hom en voel verlig.

Tydens Thomas en Billy se oefening ontvang Thomas 'n SMS van Fleur wat ontsteld is en hulp nodig het. Thomas en Billy gaan dadelik en hoor dat Seth vir Fleur sleg behandel het. Daar was ook mans in swart geklee wat Seth kom dreig het. Op die stel daardie aand kan Fleur nie goeie spel lewer nie omdat sy nie energie het nie. Seth bied vir haar pille aan om haar beter te laat voel en sommer ook maer te maak. Thomas sien ook tot sy ontsteltenis hoe Seth dwelms gebruik. Toe Thomas vir Seth daarvoor aanvat, dreig Seth om die vrouens in Thomas se lewe seer te maak. Dit maak Thomas woedend en dié keer slaan hy vir Seth bloedneus. Die regisseur, Botha, stuur Thomas huis toe.

Die mans in swart kom konfronteer Thomas 'n dag of wat later by die skool en eis tienduisend

rand van hom. Seth het glo die geld vir Thomas gegee. Die hoof kom op hulle af en verdryf hulle, maar Thomas word kantoor toe ontbied waar hy verantwoording moet doen vir graffiti teen die swembadmuur. Thomas is uit die veld geslaan; hy is onskuldig, maar die hoof is oortuig daarvan dat hy 'n jeugmisdadiger is en Boys Town toe gestuur moet word. Thomas se pa red hom uit die penarie en hy neem sy pa in sy vertroue en vertel hom van al sy probleme. Later vertel Billy vir Thomas dat hy gesien het wie die graffiti teen die muur gespuit het. Sy beskrywing van die persoon laat Thomas besef dit was Seth.

Om Thomas se lewe verder te versuur, plaas *Huisgenoot* 'n artikel waarin valse aantygings teen Thomas gemaak word. Daar word beweer die "beste vriende", Seth en Thomas, is albei verlief op Fleur en is gevolglik jaloers op mekaar. Hannes glo al die onwaarhede en voel verwerp as Thomas se beste maat. Alex lag gelukkig oor die hele petalje. Later kom dit aan die lig dat Seth die inligting aan die joernalis verskaf het.

Nadat Thomas en Fleur die aand uitmuntende spel gelewer het, waarsku Thinus weer vir Thomas teen diegene wat jaloers kan wees op sy talent. Toe Thomas later uit die gebou probeer kom, is die ligte reeds af en die deure gesluit. In die halfdonker agtervolg iemand hom, maar hy slaag daarin om deur 'n klein venstertjie te ontsnap. Later gaan stel Thomas ondersoek in by die oonde om vas te stel of daar dalk iemand kan wees wat hom die vorige aand so die skrik op die lyf gejaag het. Hy kom op slaapgoed en 'n bottel water in een van die oonde af. Hy ontvang weer 'n dreigende boodskap in die vorm van 'n *Huisgenoot* met sy gesig op die voorblad. Daar is bloedspatsels en kopbene rondom sy foto aangebring.

Intussen het Alex besluit om haar en Thomas se verhouding te verbreek. Thomas is platgeslaan en voel alleen en verstote. Sy vriend Thabo bedien hom egter van raad vir al sy probleme. Thabo belowe ook dat sy joernalis-ma meer oor Seth Verwey sal uitvind. Om sy lewe verder te versuur, kom besoek die drie swartgeklede mans hom weer op die rugbyveld. Dié keer is hulle op Seth se spoor. Hulle weet Thomas het nooit geld ontvang nie, maar hy moet vir Seth gaan sê Charlie soek sy dertigduisend rand. Verdere slegte nuus wag vir Thomas toe hy kleedkamer toe geroep word. Daar sien hy sy naam in rooi teen die muur gevef, saam met 'n skedelbeen en daardie dag se datum.

Thomas se vriende en onderwyseres het toestemming gekry om die verfilming van een episode by te woon; hulle is by die ateljee. Hy gaan wys vir hulle die oonde en sien dat die slaapgoed nie meer daar is nie. Tot almal se teleurstelling kan die verfilming nie plaasvind nie, omdat Fleur ineengestort het. Om alles te kroon gaan die krag af en die ateljee is in duisternis gehul.

Die noodligte flikker aan. Thomas het 'n flits en word gestuur om die hoofskakelaar in die gang te gaan aanskakel. Hannes, wat intussen weer vrede met Thomas gemaak het, vergesel hom. Op pad voel Thomas dat die muur nat en taai is. Hy skrik en laat val sy flits. Toe hy dit op die vloer soek, tel hy 'n natterige bondeltjie materiaal op. Hy en Hannes hardloop weg, maar word agtervolg deur iemand in 'n swart jas. Terug in die lig sien almal dat Thomas Seth se bebloede hemp in sy hand het.

Die volgende dag word die proewe gespeel. Thomas kom tot sy ontsteltenis agter dat Billy hom bedrieg het en gevra het dat hyself losskakel moet speel en Thomas heelagter. Meneer Du Toit stel dit reg en gee Thomas 'n kans om losskakel te speel en Billy word uitgetrap. Sy laaste wedstryd speel Thomas soos 'n Springbok en sy plek in die span is uiteindelik verseker. Thomas se vreugde word egter gedemp deur 'n speurder wat hom daar op die rugbyveld kom ondervra oor Seth Verwey se verdwyning.

Hannes dink dat Seth dalk in een van die oonde wegkruip om Charlie en sy trawante te ontduik. Thomas, Hannes en Lukas hardloop dadelik ateljee toe en Thomas kry Seth inderdaad in een van die oonde. Thomas word egter saam met Seth in die oond ingedruk. Seth is erg beseer, maar slaag daarin om 'n ventilasierooster uit te druk en hulle ontsnap. Thomas sleep Seth deur die gang, maar word bewusteloos gewurg. Hannes slaag daarin om die persoon met 'n duikslag te verwilder en ontbied hulp. Die aanvallier, wat een van Charlie se volgelinge blyk te wees, het ongelukkig ontsnap.

Die reddingspoging haal die koerant se voorblad en Hannes is 'n held. Seth, wat blykbaar dwelms begin gebruik het, is in die hospitaal en Fleur kry sielkundige behandeling vir haar eetversteuring. En die liefde blom weer tussen Alex en Thomas.

12. Praat- en skryfaktiwiteite

1. Skryf

1. Skryf 'n vriendskaplike brief.

- Op bl. 104 en 105 lees ons hoe Alex met Thomas uitmaak en watter redes sy aanvoer, asook Thomas se reaksie daarop.
- Verbeel jou jy is Alex en jy skryf 'n brief aan Thomas waarin jy julle verhouding beëindig. Verbeel jou ook Thomas is op die oomblik op 'n ander dorp en jy gaan die brief aan hom pos/ Verbeel jou jy is Thomas wat reeds die brief ontvang het en nou daarop gaan reageer. Jy gaan ook die brief aan Alex pos.
- Probeer om die brief so getrou as moontlik aan die gebeure in die storie te maak.
- Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan die inhoud, formaat, trant, spelling en punktuasie.
- Skryf dan jou brief netjies oor.
- Die volgende Asseseringsrubriek gaan gebruik word om jou brief te asseseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Vriendskaplike brief

	Kriteria	Punt
1.	Inhoud: Is die inhoud geloofwaardig en interessant?	5 4 3 2 1
2.	Inleiding en slot: Is die inleiding treffend en sluit die slot sinvol daarby aan?	5 4 3 2 1
3.	Formaat: Is die adres, aanhef en slot korrek? Is paragrawe sinvol gebruik?	5 4 3 2 1
4.	Taal, styl en spelling: Het redigering die meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek gebruik? Is die styl, toon en register gepas vir die teikenleser?	5 4 3 2 1
	Totaal uit 20	

2. Skryf 'n dagboekinskrywing/blog-inskrywing

- Werk op jou eie en skryf 'n dagboek/blog-inskrywing.
- Kies enige van die karakters in die boek en skryf dit vanuit daardie karakter se perspektief.
- Die inskrywing kan op enige tydstip in die verhaal gemaak word, maar moet net oor die gebeure van een dag wees.
- Die feite van wat daardie dag gebeur het, moet daar wees, maar dit is nie die fokus van die inskrywing nie. Die fokus is op hoe die karakter voel oor die gebeure.
- Onthou om 'n datum boaan jou inskrywing te hê.
- Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan die inhoud, spelling en puntuasie.
- Skryf dan jou inskrywing netjies oor en dui aan of jy 'n dagboek- of blog-inskrywing geskryf het.
- Die volgende Asseseringsrubriek gaan gebruik word om jou inskrywing te assesseer:

ASSESERINGSRUBRIEK: Dagboekinskrywing/Blog-inskrywing

	Kriteria	Punt
1.	Inhoud: Is die inhoud geloofwaardig en interessant? Is daar 'n sterk persoonlike/emosionele respons en nie net bloot die opteken van gebeure nie?	5 4 3 2 1
2.	Styl, toon en register: Is die styl, toon en register gepas vir die teikenleser? Oortuig dit as die karakter uit wie se perspektief geskryf word?	5 4 3 2 1
3.	Formaat: Is daar 'n datum boaan die inskrywing? Is paragrawe sinvol en met afwisseling gebruik?	5 4 3 2 1
4.	Taal en spelling: Het redigering die meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek en interessant gebruik en afgewissel?	5 4 3 2 1
	Totaal uit 20	

3. Skryf 'n koerantberig

- Werk op jou eie en skryf 'n koerantberig.
- Die opskrif van jou berig is: GRAAD 9-LEERDER RED VRIEND EN GEWILDE SEPIE-STER.
- Onthou om die vyf "W's" in jou eerste paragraaf te hê: Wie? Wat? Waar? Wanneer? Waarom?
- Die res van die berig moet verdere besonderhede uit die boek in dalende volgorde van belangrikheid bevat.
- Maak jou berig interessant deur 'n aanhaling van byvoorbeeld Hannes, Thomas, Seth of 'n lid van die polisie in te sluit.
- Nadat jy jou eerste weergawe geskryf het, moet jy dit redigeer en veral aandag gee aan spelling, struktuur en puntuasie.
- Ruil jou rofwerk met 'n maat en maak aan mekaar redigeringsvoorstelle om die berigte te verbeter.

- Skryf dan jou berig netjies in twee kolomme oor.
- Die volgende Asseseringsrubriek gaan gebruik word om jou berig te assesseer:

· ASSESERINGSRUBRIEK: Koerantberig

	Kriteria	Punt
1.	Inhoud: Is die inhoud gebaseer op die feite? Gee die berig die nodige inligting?	5 4 3 2 1
2.	Inleiding en ontwikkeling: Bevat die inleiding die 5 W's? Is die nodige en interressanste feite in dalende volgorde gerangskik?	5 4 3 2 1
3.	Formaat en styl: Is die berig in twee kolomme met 'n groot opskrif? Is die styl, toon en register gepas en formeel genoeg vir 'n koerantberig?	5 4 3 2 1
4.	Taal en spelling: Het redigering die meeste spel- en taalfoute uitgeskakel? Is leestekens korrek gebruik?	5 4 3 2 1
	Totaal uit 20	

2. Praat

1. Doen 'n dialoog/rolspel

- Werk in groepe van twee.
- Berei 'n dialoog voor.
- Die karakters in die dialoog is inspekteur Van Dyk van die Caledonplein-polisiestasie wat praat met Thomas of Thinus van der Merwe.
- Die tyd wanneer die gesprek plaasvind, is die oggend nadat Seth vermis geraak het.
- Die speurder moet inligting kry oor waar en wanneer die persoon laas vir Seth gesien het. Hy moet ook vrae vra en antwoorde kry oor die spanning wat daar tussen Seth en Thomas/ Thinus was. Hy wil ook weet of dit iets met die verdwyning te doen het.
- Let op die register.
- Oefen die dialoog en gee veral aandag aan hoorbaarheid, vlotheid en geloofwaardige karakteruitbeelding.
- Lewer die dialoog.
- Die volgende Asseseringsrubriek gaan gebruik word om julle gesprek te assesseer:

	Kriteria	Punt
1.	Inhoud: Is die inhoud gebaseer op die feite en geloofwaardige veronderstellings? Is 'n emosionele respons ook teenwoordig?	5 4 3 2 1
2.	Bou: Het die gesprek 'n goeie begin, sinvolle ontwikkeling en duidelike einde?	5 4 3 2 1
3.	Verband met teks: Is daar 'n duidelike verband tussen rolspel en <i>Thomas@aksie.net</i> ? Is die karakters oortuigend en strook die uitbeelding met gegewens in die teks?	5 4 3 2 1
4.	Aanbieding: Is dialoog duidelik hoorbaar en word dit met selfvertroue en geesdrif gelewer? Is die gesprek vlot?	5 4 3 2 1
5.	Spanwerk: Is goeie spanwerk in die voorbereiding en lewering duidelik? Reageer sprekers sinvol op mekaar?	5 4 3 2 1
6.	Taalgebruik: Is taalgebruik korrek en gepas vir die situasie? Is idiomatiese taalgebruik teenwoordig?	5 4 3 2 1
	Totaal uit 30	

2. Hou 'n klasbespreking

- Hou 'n klasbespreking en soek moontlike antwoorde op die volgende vrae:
- Fleur se liggaam ondergaan 'n geleidelike aftakeling en sy word al hoe maerder en swakker. Sy ly aan anorexia nervosa. Hoe vind die aftakeling plaas? Kry inligting op die volgende bladsye: 15, 32, 38, 46, 51, 64, 65, 109, 129, 131, 132, 133, 160, 161. Wat is die oorsake, simptome en gevolge van hierdie eetversteuring? Wie kon Fleur gehelp het? Hoekom het niemand gehelp nie? Waar kan Fleur gaan aanklop vir hulp? Wat behels die hulp/ behandeling?
- Seth gebruik dwelms. Hoekom, dink jy, gebruik hy dwelms? Wat is die oorsake van sy dwelmgebruik? Watter soort dwelms gebruik hy? Hoe gebruik hy dit? Waar gebruik hy dit? Waar kry Seth die dwelms? Watter uitwerking het dit op hom? Wat is die gevolge van dwelmgebruik? Wie kon Seth gehelp het? Waarom het hy/hulle niks gedoen nie? Waar kan Seth hulp/ behandeling kry? Wat behels die behandeling? Hoe suksesvol is behandeling?
- Wat sou jy kon sê om mense te oortuig dat mnr. Volschenk en Seth Verwey redes het hoekom hulle optree soos wat hulle doen? Watter goeie eienskappe het hulle moontlik?
- Boelies/ Kuberboelies. Wat doen die boelie? Waarom boelie hy? Wie is die teiken? Hoe gaan hy te werk? Hoe kan hy gestop word? Hoe kan ouers en skole help?
- Rekenaarspeletjies: Voor- en nadele.
- Die belangrikheid van 'n goeie verhouding tussen ouers en kinders
- Voor die klasbespreking begin, moet jy eers drie vrae kies en 'n paar gedagtes daarvoor neerskryf.

- Jou opvoeder sal die bespreking lei en vir jou die geleentheid gee om te sê wat jy dink.
- Onthou om goed te luister na ander leerders en om te wag tot die opvoeder vir jou geleentheid gee om jou mening te lug.
- Wees sensitief vir ander se regte en gevoelens.
- Indien jy nie met iets saamstem nie, probeer om ander op 'n diplomatieuse, sensitiewe manier van jou standpunt te oortuig.

3. Voorbereide toespraak

- Kies 'n onderwerp uit *Thomas@aksie.net* waaroor jy navorsing kan doen.
- Berei 'n voorbereide toespraak voor waarin jy inligting oor die onderwerp met jou klasmaats kom deel.
- Jy kan jou eie onderwerp kies, maar hier is 'n paar voorstelle: Eetversteurings/ Profiel van 'n anorexia nervosa-lyer/ Dwelmverslawing/ Graffiti/ Toneelspeel as 'n beroep/ Boelies/ Kuberboelies.
- Maak seker jy het 'n interessante inleiding en slot.
- Die liggaam van jou toespraak moet drie hoofdele hê.
- Oefen jou toespraak goed by die huis, sodat jy oogkontak kan maak. Wanneer jy praat, moet dit hard en duidelik en nie te vinnig of te stadig wees nie.
- Lewer jou toespraak.
- Die volgende Asseseringsrubriek gaan gebruik word om jou toespraak te assesseer:

	Kriteria	Punt
1.	Inleiding en slot: Is die inleiding en slot treffend en maak dit 'n impak?	5 4 3 2 1
2.	Bou: Het die toespraak drie duidelike hoofdele? Volg al die dele logies op mekaar en is daar duidelike samehang?	5 4 3 2 1
3.	Navorsing: Is dit duidelik dat bronne geraadpleeg is? Bevat die toespraak bewyse van navorsing soos statistiek, aanhalings of verwysings na bronne?	5 4 3 2 1
4.	Aanbieding: Is toespraak duidelik hoorbaar en word dit met selfvertroue en geesdrif gelewer? Is die toespraak vlot?	5 4 3 2 1
5.	Taalgebruik: Is taalgebruik korrek en gepas vir die situasie? Is idiomatiese taalgebruik teenwoordig? Word die korrekte terminologie gebruik?	5 4 3 2 1
6.	Algemene indruk: Het die toespraak in sy doel geslaag? Is die keuse en hantering van die onderwerp geskik en gepas vir die teikengroep?	5 4 3 2 1
	Totaal uit 30	

13. Speletjie

Letterdoolhof

Beantwoord die volgende vrae en vind dan die antwoorde in die letterdoolhof. Onthou die woorde kan horisontaal, vertikaal, diagonaal, agterstevoor en onderstebo verskuil wees.

1. Wat is Thomas se van?
2. Hoe noem Thomas se vriende hom (afkorting vir sy naam)?
3. Hoe noem Seth vir Thomas as hy sarkasties is?
4. Wat is Thomas se sussie se naam?
5. Wat is Thomas se troetelnaam vir sy sussie?
6. Wat is Thomas se stiefma se naam?
7. Wat is Thomas se meisie se naam?
8. Wat is Thomas se naam in die sepie?
9. Wat is die hoof-antagonis se naam en van?
10. Wat is Seth se naam en van in die sepie?
11. Wat is Seth se pa se naam?
12. Wat is die man vir wie Seth geld skuld se naam?
13. Wat is die blondkop-sepiester se naam?
14. Wat is Fleur se naam en van in die sepie?
15. Van watter handelsmerk hou Fleur?
16. Wat is die regisseur se naam en van?
17. Wat is die vervaardiger se naam?
18. Wat is die grimeerkunstenaar se naam?
19. Wat is die produksie-assistent se naam?
20. Wat is die kameraman se naam?
21. Wat is die sekuriteitswag se naam?
22. Wat is die ateljee se regte naam?
23. Hoe noem die akteurs die ateljee?
24. Wat is die skoolhoof se bynaam?
25. Wat is Thomas se Afrikaansonderwyser se van?
26. Wat is Thomas se Engelsonderwyser se van?
27. Op watter rekenaarspeletjie is die Engelse opdrag gebaseer?
28. Wat is die rugby-afrigter se van?
29. Waar gaan hardloop Thomas se vriende om fiks te word vir die proewe?
30. Wat is die naam van die seun wat Thomas se plek in die rugbyspan wil hê?
31. Waar het Thomas en Billy mekaar die vorige jaar sien rugby speel?
32. Wat is die naam van die rugbyweek waarheen Billy genooi is?
33. Wat is die naam van die plek/land waar die rugbyspanne gaan toer?
34. Wat is die naam van die kitskoswinkel waarheen Fleur vir Thomas ontbied?
35. Wat is die speurder wat met Thomas op die rugbyveld kom praat se van?
36. Van watter polisiestasie kom die speurder? (...plein)
37. In watter hospitaal is Seth opgeneem? (Die Christiaan B... gedenkhospitaal)
38. In watter tydskrif het 'n artikel oor Thomas verskyn?

D	D	R	A	N	R	A	B	O	T	H	A	L	E	R	O	U	X
L	L	E	L	A	N	I	E	E	T	H	I	N	U	S	S	U	V
S	W	A	R	T	L	A	N	E	A	T	E	L	J	E	E	G	V
E	L	I	A	L	C	H	A	R	L	I	E	M	O	T	B	R	A
I	N	P	Y	G	R	E	G	O	R	Y	W	A	S	H	A	U	N
N	N	E	A	D	A	O	A	K	H	S	U	R	E	V	S	W	D
H	A	I	S	J	V	F	R	P	U	S	C	T	F	E	T	E	Y
E	G	B	I	X	E	L	A	O	I	G	O	M	M	R	I	L	K
U	R	I	U	G	N	E	A	M	S	M	Y	A	A	W	A	G	A
W	O	M	O	Q	W	U	S	U	G	M	A	L	L	E	A	R	U
E	M	A	L	H	E	R	B	E	E	T	A	A	A	Y	N	O	A
L	E	N	I	K	E	R	O	D	N	E	Y	N	N	R	O	T	I
H	C	H	I	C	K	E	R	O	O	N	O	D	E	L	A	C	B
V	S	T	E	L	L	E	N	B	O	S	C	H	S	T	E	Y	N
T	H	O	R	D	U	T	O	I	T	O	M	M	I	E	M	I	E

14. Voorgestelde antwoorde

Titel, omslag en flapteks

1. Dit dui op die aksie tydens verfilming. Sodra al die akteurs gereed is vir 'n episode, sal die regisseur "Plekke, almal!" roep en dan die nommer van die toneel wat hulle gaan skiet. Hy hou die toneelbord voor die kamera en skree: "Aksie!" Dan begin die kameras draai.
2. Iemand het 'n baksteen met 'n dreigende boodskap daarop deur Thomas-hulle se skuifdeur gegooi.
3. Ja, die titel en die omslag pas bymekaar. Die woord "aksie" in die titel dui op verfilming. Op die agtergrond is dit duidelik dat daar 'n sekere toneel van die reeks *Die Malans van Marthaheim* geskiet gaan word.
4. Nee, die flapteks gee net genoeg inligting om die leser se nuuskierigheid te prikkel. Die leser sal wil uitvind wie Thomas dreig om weg te bly van die stel en wat alles in die grillerige ateljee gebeur.

Hoofstuk 1

- 1.1 Thomas is nie fiks nie.
Hy kan dalk sy posisie as losskakel verloor/aan Billy Fourie afstaan.
- 1.2.1 Hannes.
- 1.2.2 Thomas is 'n rol in 'n gewilde TV-reeks aangebied. Thomas se medespeler is die beeldskone TV-ster Fleur Vermaak.
- 1.2.3 Thomas kla omdat Fleur van hom hou en hy het reeds 'n meisie.
- 1.3 Thabo soen Fleur se hand en maak 'n buiging toe hy met haar kennis maak.
- 1.4 Nee, dit is duidelik dat sy van duur handelsmerke soos Nike hou en dat dit dalk 'n statussimbool vir haar is.
- 1.5 Eie antwoord. Moet motiveer. Voorbeeld: Nee, dit is geldmors. Met goeie smaak kan 'n mens net so goed lyk in heelwat goedkoper klere.
- 1.6 Fleur gaan staan langs Thomas en glip haar arm deur syne.
- 1.7 Want Hoërskool Leeukop blink uit in rugby en hulle het vir Billy 'n beurs aangebied. Verder sal Billy 'n aanwinst vir die skool wees, omdat hy 'n uitmuntende rugbyspeler is.

Hoofstuk 2

- 2.1 Want Thomas het onlangs in 'n skoolproduksie opgetree.
- 2.2 Want as Thomas swak speel, gaan sy (Fleur) sleg lyk. Thomas se spel kan Fleur se beeld dus negatief affekteer.
- 2.3 Hannes-hulle mag dalk op 'n intieme toneel tussen Thomas en Fleur afkom.
- 2.4 Hannes se ma en suster is gedurig op 'n dieet en daar word nie baie kos by hulle huis gemaak nie.
- 2.5 Thomas en sy vriende eet graag, van brownies tot pizza; dus nie te gesond nie. Fleur eet feitlik niks en drink gesonde drankies, soos mineraalwater, rooibos en smoothies.
- 2.6 Iemand het 'n baksteen deur die skuifdeur gegooi. Dit sou Thomas getref het as Thabo hom nie uit die pad gestamp het nie.
- 2.7 Hy het sy oogbank teen die koffietafel gekap en dit het sleg gebloei.
- 2.8 Daar mag dalk vingerafdrukke op wees.
- 2.9 Fleur is reeds deel van *Die Malans van Marthaheim* en Thomas is 'n nuweling.

Hoofstuk 3

- 3.1 Alex sê die boodskap impliseer dat die persoon op wie dit gemik is, nog nie iets met die reeks te doen het nie. Fleur is reeds deel van die reeks; daarom is die boodskap vir Thomas bedoel.

- 3.2 Ja, die beeld is geslaagd. As goed in 'n versapper gesit word, meng dit deeglik. Hannes se taal is vol Engelse woorde.
- 3.3 “Die klok lui en hulle begin traag na die vierkant stap.”
- 3.4 Nee, meneer Volschenk is enorm, drillerig (dus vet) en hy waggel. Hy het 'n helderpienk, sweterige gesig en sy onderlip krul na ondertoe oor sy ken. Boonop is sy tande geel.
- 3.5 Dit is 'n mening. Dit is hoe die hoof hulle sien en nie hoe hulle werklik is nie.
- 3.6 Meneer Volschenk gluur Thomas en Hannes aan en verwys na hulle as jeugmisdadigers en skollies wat geen respek vir Hoërskool Leeukop het nie. Hy verneder hulle dus. Billy, daarenteen, word met 'n glimlag en 'n klap op die skouer begroet en geprys oor sy goeie invloed. Die hoof sê dat hulle opgewonde is oor sy koms na Leeukop en dat hulle groot verwagtinge van hom het.
- 3.7 Die seuns kyk met bewondering na Billy, want hy is 'n uitmuntende rugbyspeler wat in graad agt al na die o.18-Cravenweekproewe genooi is.
- 3.8 Juffrou Malherbe wil hê dat die hele klas die ateljee moet besoek en dat almal saam na die eerste uitsending met Thomas in, moet kyk.
- 3.9 Want Thomas moet sy rol vir die drama-reeks instudeer en elke aand ateljee toe gaan vir verfiming. Daarby moet hy rugby-oefeninge bywoon en fiks word vir die proewe. Hy moet ook bybly met sy skoolwerk.
- 3.10 Juffrou Malherbe is positief en glo in Thomas en sy talent. Sy moedig Thomas aan. Meneer Volschenk het geen vertrouwe in hom en sy potensiaal nie. Hy sien Thomas net as 'n moeilikheidmaker en 'n jeugmisdadiger.

Hoofstuk 4

- 4.1 Louisa was voorheen 'n bekende verhoogaktrise. Sy gee Thomas goeie raad oor toneel-speel en ken ook oefeninge om senuweeagtigheid teen te werk.
- 4.2 Fleur dink Thomas mors die energie wat hy daardie aand vir verfilming nodig gaan hê.
- 4.3 Fleur verkies ontspanningsoefeninge, soos joga.
- 4.4 Dat Seth modebewus is.
- 4.5 Seth sê hy sien uit na die aksietonele. Hy sê hy het die draaiboekskrywers gevra om 'n hele paar gevegte vir hom in te werk.
- 4.6 Ja, Seth vra spottend of hy Thomas se refleksie kan toets en slaan hom onmiddellik daarna bloedneus.
- 4.7 Hy is moontlik jaloers op Thomas wat nou ook teenoor Fleur gaan speel.
- 4.8 Eie antwoord. Voorbeeld: Ek sal die slaner waarsku/ Ek sal dadelik terugslaan/ Ek sal nie terugslaan nie, want geweld is nooit 'n oplossing nie.

Hoofstuk 5

- 5.1 Louisa sê Thomas gaan dieselfde stuk 'n paar keer doen voordat die verfilming begin, en dan nog 'n paar keer totdat die regisseur tevrede is.
- 5.2 Nee, Thomas is aangedaan omdat hy weet dat Louisa lief is vir hom en vertrouwe in hom het.
- 5.3 Dieetpille.
- 5.4 Vir meneer du Toit sê Thomas dat daar 'n misverstand was. Vir Botha sê Thomas dat dit 'n ongeluk was.
- 5.5 Thinus weet dadelik dat Seth die oorsaak van Thomas se vernielde gesig is. Thinus waarsku Thomas dat Seth 'n moeilikheidmaker is. Thinus sê ook dat Seth nie van kompetisie hou nie.
- 5.6.1 Die regisseur en grimeerkunstenaar kan tyd bespaar deur dadelik 'n toneel te verfilm waarin Thomas se gesig so móét lyk na 'n onderonsie met Seth.
- 5.6.2 Thomas sal uiting kan gee aan sy woede en sal dan natuurlik kan optree voor die kameras.

- 5.7 In die storielyn moet Josef vir Sebastiaan te lyf gaan, en in die werklikheid het dit ook so gebeur.
- 5.8 Want daar is mense dood en vermis in die oonde, wat nou nog daar is.
- 5.9.1 F 5.9.5 A
 5.9.2 E 5.9.6 D
 5.9.3 G 5.9.7 C
 5.9.4 H 5.9.8 B
- 5.10 Nee, Thomas sis dat as Seth weer aan hom raak, dit die laaste keer sal wees. Hy beskou dit as 'n dreigement en 'n waarskuwing.
- 5.11 'n Plek waar gruweldade gepleeg word/ dae wat gruwelik en afgrysig is.

Hoofstuk 6

- 6.1 'n Week.
- 6.2 Billy groet Thomas en vra beleefd of hy saam met hom kan draf.
- 6.3 Op Stellenbosch die vorige jaar tydens 'n toernooi.
- 6.4 Thomas het Billy met sy skepskoppe beïndruk. Billy se skoppe van die kantlyn af pale toe het Thomas beïndruk.
- 6.5 Seth het Fleur ontstel en Thomas her reeds ervaring van Seth se gemeenheid. Sy dink dat Thomas begrip sal hê en haar sal ondersteun.
- 6.6 Een van die "vriende" het daar in die openbaar met Seth kom staan en stry. Met 'n letsel oor sy gesig lyk hy na 'n ongere vent. Die ander "vriend" het Seth in Fleur se teenwoordigheid met 'n mes gedreig.
- 6.7 Seth was baie bang. Hy het Fleur gedreig dat as sy oor die voorval sou praat, hy haar iets sou aandoen. Hy het in sy kar geklim en weggejaag.
- 6.8 Nee, Thomas dink Fleur se kop raas net en dat 'n smoothie haar beter sal laat voel.
- 6.9 Eie antwoord. Voorbeeld: Ek sal haar/hom troos en van my ondersteuning verseker. Ek sal met 'n simpatieke oor luister en seker maak dat hy/sy veilig tuis kom.
- 6.10 Sy ontvang tuisonderrig en het tutors wat vir haar klasgee.

Hoofstuk 7

- 7.1 Sy het nie energie nie omdat sy al hoe maerder word en nie eet nie/Sy is besig om anoreksies te raak/ Sy is dalk ook bekommerd oor wat sy by die Kauai-kitskoswinkel beleef het.
- 7.2 Toe Botha vir Fleur aanspreek oor haar swak spel, gluur sy hom aan en beskuldig hom daarvan dat hy sê sy lyk sleg en sy is 'n swak aktrise.
- 7.3 Dat Seth dwelms gebruik.
- 7.4 Seth tree vreemd en irrasioneel op.
- 7.5 Want Seth is ouer, hy is beroemd, hy is 'n goeie akteur, die meisies is mal oor hom en hy maak baie geld.
- 7.6 Thomas is bang dit is ook dwelms.
- 7.7 Verslankingstablette
- 7.8 Hy kan vir Alex, Louisa of Lara dalk leed aandoen.
- 7.9 Eie antwoorde. Voorbeeld: Ek sal terug dreig en sê dat net sissies en lafaards vrouens en kinders sal wil seermaak/Ek sal vir hom sê om sy eie portuur aan te durf; my geliefdes het hom nie leed aangedoen nie, en wat hy ook al beplan, moet teen my gerig wees/ Ek sal vra dat ons eerder sake moet uitpraat as om geweld te gebruik/Ek sal my ouers daarvan vertel en vra dat hulle moet help.
- 7.10 Want die lewe lyk skielik vir Thomas te ingewikkeld. Hy wil nie omring wees deur mense met so baie emosionele probleme nie.

Hoofstuk 8

- 8.1 Want die mense by die ateljee weet nie dat Thomas se vernielde gesig nie 'n ongeluk was nie, maar Seth se handewerk.
- 8.2 Alex is by en Thomas wil haar nie ontstel met Seth se dreigement dat hy haar leed kan aandoen nie.
- 8.3 Ja, want Hannes is 'n wiskunde-genie.
- 8.4 Hannes is 'n lojale vriend/ Lojaliteit.
- 8.5 Fleur/Seth
- 8.6 Seth het gesê dat hy die tienduisend rand vir Thomas gegee het.
- 8.7 Waarskynlik vir dwelms wat hulle aan hom verskaf het.
- 8.8 Hulle het 'n kortpad gevat om meneer Volschenk te probeer vermy.
- 8.9 Want Thomas praat die waarheid, maar die hoof glo hom nie.
- 8.10 Thomas bring ongewenste persone na die skool.
Thomas draai stokkies.
Thomas het graffiti teen een van die swembadmure aangebring.
- 8.11 Want Thomas se pa is 'n advokaat; hy ken dus die wet.
- 8.12 Meneer Volschenk wil Thomas hof toe vat en hy wil hom ook na 'n verbeteringskool stuur.

Hoofstuk 9

- 9.1 Dat Thomas hom sal vertrou en oop kaarte sal speel.
- 9.2 Thomas sê nie dat Seth gedreig het om Louisa en Lara seer te maak nie. Hy verswyg dit, want hy weet dat sy pa onmiddellik teen Seth sal optree en dit sal sy deelname aan die sepie belemmer.
- 9.3 Eie antwoord. Moet motiveer.
- 9.4 Ja, Thomas is in die moeilikheid by die skool.
Thomas en Seth het gereeld probleme met mekaar en slaan mekaar selfs.
Thomas word gedreig deur die vreemde mans wat geld wil hê.
Thomas se beste vriend is kwaad vir hom.
Huisgenoot publiseer onwaarhede oor Thomas.
- 9.5 Thomas se pa raai hom aan om alle kontak te vermy en die moeilikheidmaker nie uit te lok nie. Hy moet ook nie in situasies beland waar hy alleen is nie.
- 9.6 Die situasie met Seth en alles daaromheen is 'n leerskool vir Thomas. Dit sal hom leer hoe om mense te hanteer wat die lewe vir hom moeilik maak.
- 9.7.1 donkerkopheld – Thomas
beste vriend – Seth Verwey
blonde medester – Fleur Vermaak
- 9.7.2 Thomas (Sebastiaan) gaan vir Mart (Fleur) en haar broer Josef (Seth) uit die kloue van hulle tante red.
- 9.7.3 Die joernalis beweer Seth en Thomas is albei verlief op Fleur en baklei oor wie die meeste tonele saam met haar kan doen.
- 9.7.4 Nee, die draaiboekskrywer, vervaardiger en regisseur besluit daaroor.
- 9.8.1 Dat Thomas met Seth baklei het oor Fleur.
- 9.8.2 Dat Thomas en Fleur 'n verhouding het en dat Thomas vir Alex bedrieg.
- 9.8.3 Dat Seth regtig vir Thomas tienduisend rand gegee het.
- 9.9 Die bewering dat Seth Thomas se beste vriend is, terwyl hy, Hannes, gedink het hy het daardie spesiale plek in Thomas se lewe.
Hannes is ook seergemaak omdat Thomas so verander het.
- 9.10 Eie antwoord. Leerders moet sê hoe hulle gevoel en gereageer het.
- 9.11 Hoop jy het 'n lekker besige dag gehad, Superster! Miskien sal jy nou leer om jou neus uit ander mense se sake te hou. Ek het nog baie vriende in swart en baie kontakte by die

media. Miskien moet jy maar *Malans van Marthenheim* los ... jy wil jou nie dóódwark nie, of hoe?

9.12 Seth. In sy SMS verwys hy na “die mans in swart”. Thomas en Fleur het al met hulle kennis gemaak.

9.13 Seth. In sy SMS verwys hy na sy “kontakte by die media”.

Hoofstuk 10

10.1 Dit was die joernalis van *Huisgenoot* wat Thomas in die hande probeer kry het om sy kant van die storie te hoor.

10.2 Nadat Thomas en Fleur se toneel geskiet is, het almal wat teenwoordig was spontaan begin hande klap.

Die regisseur (Botha) sê hulle is briljant; Thomas is ’n gebore akteur en Fleur was “amazing”.

Die regisseur wil Thomas se rol uitbrei.

Thinus van der Merwe sê vir Thomas hy het nog nooit soveel natuurlike talent voor die kameras gesien nie.

10.3 Thinus waarsku Thomas dat niemand van talentvolle mense soos hy hou nie.

Hy waarsku ook dat Seth Thomas se lewe onnodig onaangenaam kan maak.

10.4 Thomas het hom so in die rol ingeleef terwyl hy toneel gespeel het dat hy van al sy bekommernisse vergeet het. Hy het ook heeltemal rustig en tevrede gevoel.

10.5.1 kreungeluid

10.5.2 gil

10.5.3 swart

10.5.4 staalpen

10.5.5 verdedig

10.5.6 sonder

10.5.7 hand

10.6 Thomas het hierdie skoene vantevore al by die rugbyveld aan Seth se voete gesien.

10.7 Ja, Alex het oor die artikel in *Huisgenoot* gelag en gesê Thomas moet nog eksemplare gaan koop om eendag vir sy kleinkinders te wys.

10.8 Mense sonder integriteit /laeklas mense/ laelakke.

10.9.1 Vreesbevange

10.9.2 Eie antwoord. Motivering moet verband hou met vergelyking. Voorbeeld:

Thomas hardloop asof die duiwel op rollerblades agter hom aan is. Die meeste mense, veral kinders, is doodbang vir die duiwel en sal so vinnig moontlik van hom af wil wegkom. Die duiwel is vir die meeste mense ’n groot gevaar. Op rolskaatse kan die duiwel jou nog vinniger agtemasit.

Hoofstuk 11

11.1 Juffrou Malherbe word nie kwaad omdat Thomas in haar klas gelê en slaap het nie. Sy stuur hom badkamer toe om sy gesig te was en sê met ’n knipoog dat hy moet probeer om snags te slaap.

11.2 Hannes maak swart kolle met ’n balpunte op Thomas se voorkop en wang.

11.3 Nee, Thomas is eintlik sarkasties. Hy dink Hannes is ’n “loser”.

11.4 Ja, Thomas het verander. Hy het, volgens Hannes, sy sin vir humor verloor.

Hy word ook kwaad vir Alex omdat sy die tatoe ook snaaks gevind het en Hannes se kant kies.

Hy gil op Lilian en weier om haar *Huisgenote* te teken.

11.5 Alex sê Thomas is moeg en gestres.

11.6 Thomas se pa het gesê ’n rol in die dramareeks sal hom selfvertroue gee en hom leer

hoe om sy tyd te bestuur.

- 11.7 Die rol in die reeks gee Thomas 'n voorsmakie van hoe dit sal wees om 'n professionele akteur te wees. Hy het nog nie besluit wat hy ná matriek wil studeer nie. Hy oorweeg wel drama.
- 11.8 Billy stel voor dat Thomas losskakel speel en hy (Billy) heelagter. So sal hulle al twee 'n plek in die o.16-span hê. Billy sal self vir meneer Du Toit vra om dit so te reël. Billy het gesien wie die graffiti op die muur gespuit het. Dit is Seth. Hy gee Thomas toestemming om die inligting aan meneer Volschenk oor te dra. Thomas beskou Billy nou as sy beste nuwe vriend.

Hoofstuk 12

- 12.1 Thinus het by die ateljee se agterdeur uitgegaan.
- 12.2.1 Dit is die enigste plek waar die persoon wat hom die vorige aand gejaag het, vandaan kon kom.
- 12.2.2 Verushka het vir Thomas gesê die ingang is agter 'n ding wat soos 'n kas lyk.
- 12.2.3 Die oonde is so groot dat 'n mens regop daarin kan staan.
- 12.2.4 Met 'n martelkamer.
- 12.2.5 Die metaaldeure se kleur van ou bloed.
- 12.3 Ja, Thomas ontdek 'n bondeltjie komberse, 'n kussing en 'n bottel water in een van die oonde.

Hoofstuk 13

- 13.1 Thomas dink Hannes is verlief op Fleur en is jaloers op hom. (Volgens *Huisgenoot* is Thomas verlief op Fleur)
- 13.2 Eie antwoord.
- 13.3 Moet ja of nee sê en dan motiveer.
- 13.4 Elke lid van Thomas se groep sal 'n gedeelte van die opdrag doen en dit dan per e-pos aan mekaar stuur. Dan hoef hulle net vir dringende sake te ontmoet.
- 13.5 Alex wil met Thomas uitmaak/Alex wil hulle verhouding verbreek.
- 13.6 Alex voer aan dat hulle albei te besig is vir 'n verhouding. Sy moet voorberei vir haar musiekeksamen en dramaprakties. Thomas is besig met die dramareeks, rugby en skoolwerk.
- 13.7 Thomas sê hulle hou baie van mekaar en dit sal dom wees om oor hulle besige lewens uit te maak. In die komende kwartaal sal dit rustiger gaan en dan kan hulle meer tyd aan mekaar spandeer.
- 13.8 Alex sal wil gaan fliëk, pizza eet, piekniek hou en Cliftonstrand toe gaan.
- 13.9 Eie antwoord. Moet sê watter karakter hulle sal ondersteun en redes gee.
- 13.10 Eie antwoord. Moet sê hoe hulle gevoel het en of hulle dit probeer keer het. Voorbeeld: My ou het my sommer net skielik afgesê en 'n flou verskoning gegee. My wêreld het ineengestort en ek wou nie meer lewe nie. Al wou ek dit nie aanvaar nie, wou ek hom ook nie keer nie; ek het nog my trots gehad. (Later toe hy teruggekruipt het na my, was ek doodgelukkig in 'n nuwe verhouding)

Hoofstuk 14

- 14.1 Thomas kry 'n kopie van die *Huisgenoot* met 'n foto van hom op die voorblad, vol rooi spatsels en met kobbene daarop geteken.
- 14.2 Dat Thomas se lewe in gevaar is/dat hy gaan sterf.
- 14.3.1 Thabo se joernalis-ma sal meer uitvind oor Seth.
- 14.3.2 Hannes is dalk bietjie jaloers. Hy is Robin terwyl Thomas Batman is. Hannes wil moontlik ook bietjie in die kalklig wees. Hy sal agterkom hy is kinderagtig en sal terugkeer na sy

- normale self.
- 14.3.3 Thomas moet gaaf en vriendelik teenoor Alex optree. Sy sal ook agterkom dat haar idee van uitmaak dom was. As Thomas gemeen is met haar, sal sy dink sy het die regte ding gedoen en dan sal hulle nooit weer by mekaar uitkom nie.
- 14.4 Thabo het gedurende 'n rit Transkei toe sy ma en suster se vrouetydskrifte gelees.
- 14.5 Thomas mag tien vriende nooi om te kom kyk hoe hulle verfilm.
- 14.6 Thomas is positief en dink "môre gaan alles beter en anders wees".

Hoofstuk 15

- 15.1 Thomas wil met Alex gaan gesels (Thabo se raad volg) en wil goed lyk; veral omdat sy die een was wat uitgemaak het.
- 15.2 Alex kan die uitnodiging verkeerd interpreteer en dink hy kruip agter haar aan.
- 15.3.1 Die drie mans in swart geklee.
- 15.3.2 Geld/ tienduisend rand.
- 15.3.3 Hulle wil weet waar Seth is.
- 15.3.4 Thomas moet vir Seth sê Charlie wil sy dertigduisend rand binne vier en twintig uur hê.
- 15.3.5 As Thomas vir sy pa iets sê, gaan hulle hom en sy babasussie seermaak.
- 15.4 Dit is ironies, want die hoof doen gewoonlik alles in sy vermoë om hulle, veral Thomas, dieper in die moeilikheid te kry/ om hulle skuldig te bewys, sodat hy van Thomas ontslae kan raak/ Die hoof het hulle glad nie probeer red nie.
- 15.5 Na die dag toe Hannes met sy balpunte kolle op Thomas se voorkop gemaak het, terwyl hy in die klas geslaap het.
- 15.6 Thomas sien sy naam, 'n skedelbeen en daardie dag se datum; alles in rooi geverf.
- 15.7 Want dit impliseer dat iemand vir Thomas nog daardie selfde dag gaan probeer doodmaak.
- 15.8 Meneer Volschenk lyk kwaad.
Meneer Du Toit lyk bekommerd.
Hannes lyk iets tussen skaam en skuldig.
Party ouens kyk met bewondering na Thomas en ander met bejammering.

Hoofstuk 16

- 16.1 Die ateljeebase sê hulle kan nie optree as daar nie konkrete bewyse is dat Seth wel verantwoordelik is vir die dreigemente nie.
Hulle sê ook dit is heel normaal dat akteurs nie met mekaar oor die weg kom nie.
- 16.2 Thomas is wettiglik verbind deur 'n kontrak.
Die regisseur dink Thomas het natuurlike talent vir toneelspeel en hulle oorweeg dit om sy kontrak te verleng.
- 16.3 Lilian-hulle het van die *Huisgenote* met Thomas op die voorblad saamgebring. Hulle wil die akteurs se handtekeninge kry.
- 16.4 Thomas wil eintlik gaan kyk of die oond waarin hy die slaapgoed gesien het, regtig leeg is.
- 16.5 Die oonde het inderdaad 'n paar mans "ingesluk" toe hulle deur ander daar ingestoot is. Hulle het ook op 'n gruwelike wyse verdwyn toe hulle daarbinne doodgebrand het.
- 16.6 Aan sy manier van praat, kan mens hoor dat Seth verwaand is en geen respek vir die ouer man het nie.
- 16.7 Dat dit Thomas se skuld is dat Fleur so maer geword het.
- 16.8 Want Thomas se onderwyseres en sy vriende is by die ateljee; dus durf hy nie sy humeur verloor nie.
- 16.9 Fleur het van uitputting ineengestort. Sy het geen energie nie omdat sy ophou eet het.

Hoofstuk 17

- 17.1 Moontlik om almal uit die ateljee te kry, sodat die skuldige vir Seth uit die weg kan ruim.
- 17.2 Thabo kom sê dat Seth Verwey eintlik Thinus van der Merwe se seun is.
- 17.3 Dis vreemd dat Seth en Thinus nie dieselfde van het nie, soos 'n mens wel sou verwag het.
- 17.4
- Die gang is nou nog donkerder as tevore.
 - Hannes sê dit voel of mense daar doodgegaan het.
 - Hannes hoor kreungeluide.
 - Thomas voel dat die muur nat en taai is.
 - Thomas verloor sy flits toe dit op die grond val.
 - Thomas tel 'n natterige bondeltjie materiaal van die grond af op.
 - Thomas en Hannes hoor die geflap van 'n jas van iemand wat hulle agtervolg.
 - Thomas sien 'n figuur in 'n swart jas agter hulle.
 - Terug in die lig sien almal dat Thomas Seth se bebloede hemp vashou.
- 17.5 Sy verbeelding is in die hoogste versnelling; hy dink vining en onmoontlike goed uit/Enige aanvaarbare antwoord.
- 17.6 Dat Seth beseer is.

Hoofstuk 18

- 18.1 Die o.16-span wat daardie dag gekies gaan word, gaan in die Junievakansie saam met twee ander spanne in Namibië toer.
- 18.2 Meneer Du Toit laat elke speler drie kort wedstryde in verskillende spanne speel.
- 18.3 Nee, Billy is nie betroubaar nie. Hy het Thomas belowe dat hy meneer Du Toit sou vra dat Thomas loskakel en hyself heelagter in elke wedstryd sou speel.
- 18.4 Billy wou seker maak dat hyself 'n plek in die span kry en dat Thomas uitgeskakel sou word.
- 18.5 Ja, Billy se plan het aanvanklik gewerk, maar net totdat Thomas met die afrigter gepraat het en 'n kans gekry het om loskakel te speel, en dit soos 'n Springbok hanteer het. Meneer Du Toit het Billy uitgevang en hom uitgetrap. Sy plan het uiteindelik toe nie gewerk nie.
- 18.6 Inspekteur Van Dyk kom besoek Thomas oor die verdwyning van Seth Verwey. Hy dink dat Thomas dalk iets mag weet, want Thomas het die vorige aand Seth se bebloede hemp in die ateljee se gang opgetel. Thomas is ook die laaste persoon wat Seth gesien het en hy kan die polisie dalk help om Seth te kry.
- 18.7 Die speurder insinueer dat Thomas vir Seth per ongeluk dalk te hard geslaan het; dalk doodgeslaan het.
- 18.8 Die polisie vind dit vreemd dat hulle die ateljee gefynkam het en Seth nie daar kon kry nie. Sy motor is nog op die perseel en die sekuriteitswagte het hom nie sien gaan nie. Daar was ook niemand wat vooraf magtiging verkry het op die perseel nie.
- 18.9 Hannes dink Seth kruip in een van die oonde weg. Hy vermoed dat een van die ouens in swart hulle geld by Seth kom soek het en hom toe goed opgedons het. Die oonde bied die nodige skuilplek.
- 18.10 Die kans is goed dat Thomas vir die o.16-span gekies is, aangesien hy besonder goed gespeel het in sy oorspronklike plek as loskakel in die laaste wedstryd. Hy het twee drieë gedruk en twee strafskoppe oorgeskop.

Hoofstuk 19

- 19.1.1 Hannes sê aan Rodney, die sekuriteitswag, dat Thomas sy selfoon en hy (Hannes) sy wiskundeboek in die ateljee vergeet het en dit net gou wil kry.

- 19.1.2 Ja, die polisie weet nie van die oonde nie en dalk kruip Seth daar weg of dalk is sy lewe in gevaar.
- 19.2 Plastiektou is gespan by die plek waar Thomas die vorige aand bloed teen die muur gevoel het.
- 19.3 Daar is nie nou vuurtonge nie, maar beide Thomas en Seth het prooi geword van die oonde. Hulle is binnegedwing en kan nie uitkom nie.
- 19.4 Nee, Seth is nie nou sarkasties nie. Hy is baie dankbaar om Thomas daar te sien. Hy sien hulle twee nou as 'n vennootskap.
- 19.5 Seth het tot nou toe net vir Thomas gedreig en geïnsinueer dat hy hom (Thomas) en sy geliefdes leed sal aandoen. Thomas betaal hom nie in eie munt terug nie, maar probeer sy lewe red.
- 19.6 Voorbeelde: Ja, Hannes en Lukas sal hulp soek.
Nee, die ou in swart is vasbeslote om hom én Seth dood te maak.
Enige aanvaarbare antwoord.
- 19.7 Ja, want ek wil graag uitvind of Thomas en Seth bly lewe en hoe Seth in die oond beland het.
Enige aanvaarbare antwoord.

Hoofstuk 20

- 20.1 Nee, Thomas se maats kom kyk na die eerste episode van *Die Malans van Marthaheim* met hom as Sebastiaan.
- 20.2 Want Hannes beweeg altyd in Thomas se skadu, net soos Robin in Batman s'n. Op hierdie oomblik is die rolle egter omgeruil, want Hannes is in die kalklig. Daar is 'n reusefoto van hom op die voorblad van die koerant, met 'n berig oor sy heldedood. Hannes dink hy is nou beroemd.
- 20.3 Nee, Seth se optrede was nie geregverdig nie. Seth moes meer volwasse opgetree het en van sy jaloesie ontslae geraak het; hy moes Thomas ook 'n kans gun. Hy moes groothartiger opgetree het.
- 20.4 kleinlik
- 20.5 Seth het sy ma se nooiensvan gebruik.
- 20.6 Nee, hy was bang die spanning tussen Thomas en Seth sou Seth se dwelmprobleem vererger.
- 20.7 Nee, dwelms sal hom net dieper die afgrond instuur. Hy het berading en sielkundige hulp nodig om sy probleme te oorkom.
Enige aanvaarbare antwoord.
- 20.8 Eie antwoord.
- 20.9 Ja, Thomas gaan sit langs Alex en sê dat alles tussen hulle hopelik weer reg is. Alex soen vir Thomas vinnig en hy soen haar saggies terug.

Ruimte en tyd

1. Thomas het sy eie kamer met 'n buitedeur en kan dus kom en gaan soos hy wil. Sy huis is ook meestal die bymeakaarkomplek vir hom en sy maats, waar hulle lekker saam kuier en nog lekkerder eet. Thomas se huis is ook die plek waar sy geliefdes is: sy pa, Louisa en sy babasussie, Lara.
2. Thomas hou nie van die skool nie; dit is vir hom simpel en elke dag moet hy hom moeg maak om goed te leer wat hy nooit weer gaan gebruik nie (bl. 79). Oor 'n nietige oortreding, soos praat op pad registerklas toe, word Thomas en Hannes as jeugmisdadigers en skollies deur die hoof uitgeskel. Thomas word ook verantwoordelik gehou vir graffiti teen die swembadmuur en die hoof dreig hom met die hof en Boys Town. Geen wonder die skool hou negatiewe konnotasies vir Thomas in nie.

3. Die rugbyveld hou meestal negatiewe konnotasies vir Thomas in. Dit is die plek waar hy 'n stryd moet voer om sy plek in die rugbyspan te behou. Billy Fourie wil bittergraag Thomas se posisie as losskakel in die rugbyspan bekom en met slinkse en agterbakse planne probeer hy Thomas uitwerk. Verdere negatiewe konnotasies word meegebring deur Seth Verwey wat Thomas onverwags bloedneus slaan langs die rugbyveld en mans in swart klere, sowel as 'n polisie-inspekteur, wat Thomas daar opsoek.
4. Die verhaal speel in die bestek van ongeveer twee weke af. Aan die begin van die verhaal dink Thomas aan sy maats wat oefen en "die proewe volgende week." Teen die einde van die boek word die proewe dan gespeel.
5. Ons kan aflei dat die verhaal in een van Kaapstad se voorstede afspeel. Name soos Seinheuwel, Clifton, Kirstenbosch en Cape Boys College is eie aan Kaapstad.

Verteller en Fokalisator

1. Hier word gebruik gemaak van 'n interne of 'n beperkte/anonieme derdepersoons-verteller. Die leser het insae in Thomas se gedagtes en gevoelens, maar nie in sy vriende s'n nie.
2. Die verteller is geloofwaardig omdat die verhaal juis vanuit Thomas se oogpunt vertel word.
3. Deur Thomas s'n.
4. Beslis. Dink byvoorbeeld daaraan as Louisa of meneer Volschenk die fokalisator was. Dit sou 'n heel ander storie gewees het. Die boek sou dan ook nie so relevant vir jonger lesers gewees het nie.

Intrige/Plot

1. Ja, dit stem ooreen met die kurwe. Aanvanklik maak die leser kennis met Thomas, sy maats, die nuwe seun, Billy Fourie, asook met die akteurs, regisseur en tegnici by die Gruwelgrot. Reeds in die tweede hoofstuk word dit duidelik dat iemand Thomas van die ateljee wil weghou as die baksteen met die boodskap deur hulle skuifdeur gegooi word. Spanning bou geleidelik op as Seth, aangevuur deur jaloesie, 'n reeks bose planne bedink en uitvoer om sy doel met Thomas te bereik. Uiteindelik verdwyn Seth en die spanning neem intens toe, totdat dit die klimaks bereik waar Thomas, soos andere jare gelede, in 'n oond ingedruk word. Die ontknoping vind plaas waar Thomas en sy maats bymekaarkom om na sy eerste verskyning as Sebastiaan Beyers op TV te kyk. Dan word al die vrae beantwoord.
2. Waar Thomas vir Seth Verwey in die oondesaal gaan soek en dan self in 'n oond toegesluit word, saam met Seth.
3. Billy Fourie kom Hoërskool Leeukop toe ter wille van rugby. Hy is 'n uitmuntende losskakel; die posisie wat Thomas tans beklee. Onmiddellik weet die leser dat daar konflik gaan ontstaan, veral as in ag geneem word dat Thomas totaal onfiks is. Billy maak 'n agterbakse plan om Thomas se plek te kry. Thomas vertrou Billy en eers op die dag van die proewe kom Thomas agter dat hy bedrieg is. Die spanning bereik hier 'n hoogtepunt. Thomas hou egter kop en gaan praat met die afrigter, waarna hy 'n kans gegun word om sy vaardighede te wys. Hy vaar uitmuntend en dit blyk dat hy sy plek sal behou en dus ook op die toer na Namibië sal gaan.

Karakters

1. Thomas Steyn.
2. Nee, daar is drie antagoniste. Die hoofantagonis is Seth Verwey wat vanweë sy jaloesie alles in sy vermoë doen om Thomas uit die TV-reeks te hou. Dan is daar ook Billy Fourie wat agterbaks is en Thomas bedrieg om hom uit die rugbyspan te hou. Meneer Volschenk kan Thomas nie verduur nie, glo net die slegste van hom en probeer hom uit die skool

- kry.
3. Ons leer Seth ken deur sy woorde, daade en wat ander karakters van hom sê, veral sy pa. Ons kry ook inligting oor hom deur Fleur Vermaak, Thomas en die swart geklede mans.
 4. Seth is 'n moeilikheidmaker wat van baklei hou; Thomas noem hom 'n boelie. Hy is jaloers en hou nie van kompetisie nie. Hy is selfsugtig en deel nie graag nie. Seth is ongeskik en het nie respek vir ander nie. Hy is hardkoppig en wil doen net wat hy wil en wanneer hy wil. Thomas se pa sê Seth is onstabiel en gevaarlik. Seth is ook maklik vatbaar vir invloede (dwelms), maar wil terselfdertyd ander saam met hom "in die gemors aftrek". Volgens die man met die litteken is Seth 'n leuenaar.
 5. Thomas dink Louisa is baie "cool" en 'n goeie stiefma. Sy kan Thomas raadgee, omdat sy 'n bekende verhoogaktrise was.
Van Fleur dink Thomas dat sy altyd fantasties lyk, dat sy blonde hare en mooi, lang bene het. Sy dra byderwetse klere met bekende handelsmerke.
 6. Meneer Volschenk word beskryf as 'n drillerige man wat waggel. Sy gesig is helderpienk, sy tande geel en sy onderlip krul oor sy ken. Sy vet vingers lyk soos frankfurterworse. Dié beskrywing is nie vleierend nie en wek 'n negatiewe gevoel by die leser.
 7. Ja, die karakters is geloofwaardig. Hulle tree op en praat soos gewone tieners: Daar is haat, nyd, jaloesie en wedywering. Sommiges worstel ook met tipiese hedendaagse probleme, soos eetversteurings en dwelms. Moderne neigings, soos die aanbring van graffiti, en die gebruik van tegnologie (die kuberruimte word selfs gebruik om te boelie) is aan die orde van die dag. Ons kry ook te doen met die rebelse tiener wat gesag verwerp en nie veel respek vir die ouer geslag het nie.

Temas, motiewe, simbole

1. Swart word simbool van naderende onheil.
2. Die oonde herinner aan die dood/ is simbool van die dood.
3. Eie beskrywing van die tema.

Taalgebruik

1. Eie antwoorde waarin voorbeelde van gemengde taal voorkom. Voorbeelde (tot en met bl. 68): Jy het al 'n girlfriend; 'n nice ene/ mense sit in coffee shops/ no way/die hele wêreld het skielik fitness freaks geword/ 'n seriously gebreekte CD-speler/ jou karakter is straight forward/ dis totally nonsens/ ek is nogal nervous/ 'n play by die skool waaroor almal rave/ as jy nooit airtime het nie/ klink na 'n great idee/ opgesmashde neus/ daardie ou is psycho/ fancy titel/ verskillende scenes/ ek gaan jou gou na wardrobe neem, dan is dit make-up toe/ ons kry sommer takeaways/ dis 'n geval van mistaken identity/ vol goed oor celebrities / cheat op Alex/ Fleur is 'n dumb blonde /sy is sad en uitgefreak/ dit maak genuinely saak/ goed soos games speel, chill, whatever/ dis nie 'n train smash nie.
2. Alex praat nie soos die ander karakters nie, want sy word in 'n huis groot waar daar standaardafrikaans en ook net suiwer Afrikaans gepraat word. Albei haar ouers is professors.